

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

31 Julie 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 2

30 jaar van vroue in die amp

Name laat verhale herleef

JACOBIE M HELENA

Die inspirasie het van ver af gekom – van die Evangelical Lutheran Church in Amerika – maar as jy fyn kyk is die name in die “woordwolk” plááslike vroue, verduidelik ds Franziska Andrag-Meyer, leraar van NG Gemeente Suidpunt in Struisbaai, wat ook ’n knap grafiese ontwerper is.

“Op die prent (sien foto hiernaas) is al die vroue se name wat al ooit, sover ek kon uitvind, in die NG Kerk gevestigter is, 322 name,” vertel Andrag-Meyer en voeg by dat die “dertig” verwys na die hoeveelheid jare sedert die Algemene Sinode in 1990 vroue tot die amp toegelaat het.

Die silhoeët wat gevorm word, is dié van prof Elna Mouton. Is dit ’n risiko om ’n spesifieke persoon as model te gebruik, wou *Kerkbode* weet? “Elna is ’n laatkommer tot legitimasie, maar haar hele lewensverhaal getuig eintlik van die lewenstake waarvoor ’n mens gevestigter word: Woordverkondiging, diensbaarheid, barmhartigheid en sy is vir baie ’n geloofsmentoer,” aldus Andrag-Meyer.

“Haar rol in die Circle of African Women Theologians beliggzaam iets van ons breër verbintenis met die kerke op ons vasteland. Dit gaan dus oor meer as net ons eie kerkverband. Elna het vir so lank op die drempel gestaan (sy praat graag van liminale spasies) en buitestanders gehelp om in die kerk en kerklike diens tuis te kom.”

Vir Andrag-Meyer was dit ’n emosionele ervaring om so deur al die name te gaan met die saamstel van hierdie grafika, wat wyd rondgestuur is in WhatsApp-groepe en sosiale media om hierdie mylpaal te herdenk. “Ons was nog baie minder toe ek 20 jaar gelede gevestigter is. Nou ken ek nie die meeste van hierdie vroue nie, so baie is ons. In die name wat ek ken, het ek soveel verhale weer beleef. Baie verhale



Ds Franziska Andrag-Meyer het dié treffende prent op die rekenaarskerm hierbo ontwerp om hulde te bring aan vroue wat deur die jare in die NG Kerk gevestigter is. Sy het met *Kerkbode* gepraat oor die meer as 300 name en die silhoeët wat in die beeld sigbaar is.

Foto: Hildgard Meyer

is vol wanhoop, pyn en frustrasie. Dit is ontnugterend. Dit was vir my erg om soveel vroue se name te kry, vroue wat beter as ek gekwalifiseer is, met ’n groot rykdom gawes, maar gemeentes sien hulle nie raak nie en beroep hulle nie. Baie kry finansiële swaar in deelydse poste. Party het die bediening heeltemal verlaat ter wille van oorlewing of omdat hulle moed verloor het. Ek het baie gehuil. Daar was ook ander verhale vol hoop en vreugde. Dit vul my met dankbaarheid. Die maak van die naamprent het my weer herinner ek is deel

van ’n groter verhaal.”

Oor vroue in die amp skryf prof Johan van der Merwe in sy *Kerkbode*-rubriek oor die kerkgeskiedenis: “Die belangrike besluit wat die deur vir vroue oopgemaak het, is tydens die Algemene Sinode in 1990 geneem. Die vergadering het besluit en erken dat die ampte van diaken, ouderling en predikant gelyk is. As vroue as diakens kon dien, kon hulle ook as ouderlinge verkies word en ná teologiese opleiding as predikante na gemeentes beroep word. Vier jaar na hierdie historiese besluit is Gretha Heymans in

1994 as eerste vroulike predikant van die NG Kerk in die gemeente Kovsiekampus in Bloemfontein bevestig.”

Andrag-Meyer vertel oor haar eie reis in die bediening: “Ek is al 17 jaar in Suidpunt, en opreg dankbaar vir die onderlinge liefde wat ons in die gemeente deel. Soms, op ’n kusdorp, in ’n plattelandse ring kan my bedieningspad as vrou ’n baie alleen pad wees om te stap. In hierdie tyd wat ons mekaar ook nie in persoon sien nie, het die prent my weer laat deel in ons kollektiewe goeie en slegte ervarings. Dit gee my hoop.”



In hierdie uitgawe stel *Kerkbode* ’n reeks vroue aan die woord om oor hulle belewenis van kerkwees te vertel. Van verwerping en woede tot dankbaarheid en hoop, is elke vrou wat haar roeping in die kerk uitleef, uniek. En dít is wat *Kerkbode* met hierdie uitgawe wil beklemtoon: Élke vrou is anders, élke vrou het ’n stem en élke vrou het ’n storie. Dertig jaar van vroue in die amp – ’n kaleidoskoop van stemme.

– **Jacobie M Helena**, gasredakteur.

Dana besoek sinkkerk op Brandvlei

bl 20



BYBEL

BM
Bybel-Media

BOU

BLOKKE

Bou die geloof van kinders, gesinne en geestelike leiers met **Bybel-Media** se **BybelBouBlok**-projek

Bybel-Media wil in hierdie moeilike tye 'n simboliese bouprojek aanpak. Ons vra dat 20 000 Christene elke maand **BybelBouBlokke** by Bybel-Media koop.

Dit beteken ons ondersteuners sal kinders, gesinne en geestelike leiers seën deur 'n maandelikse bydrae van **R50 per boublok**.

Só kan jy ons **BybelBouBlok**-projek steun:

- Maak 'n bydrae van R50 per maand.
- Help ons om nog ondersteuners te werf deur hierdie boodskap met jou vriende en familie te deel en só hierdie projek namens Bybel-Media te bevorder.

Besoek **www.bybelmedia.co.za**
om jou **BybelBouBlok(ke)** te skenk.

- Betalings met debiet- of kredietkaart is welkom.
- 'n Maandelikse aftrekorder kan afgelaai word.
- Vir 'n elektroniese oorplasing gebruik gerus ons bankbesonderhede hieronder.

**Vir slegs
R50
per maand
bou jy saam
aan die
toekoms.**

30 jaar later

Vrou se pad na kansel steeds nie gelyk, wys data

Ná dertig jaar van vroue op die preekstoel is daar 'n groeiende getal vroue wat teologie swot, gelegitimeer word, en beroep word na gemeentes in al tien streeksinodes van die NG Kerk – in die stad én op die platteland. Maar data dui op tekens van onegelyke behandeling in die kerk, meen COBUS VAN WYNGAARD. “Vroue het 'n kleiner kans om beroep te word, 'n groter kans om deelyds aangestel te word, en 'n groter kans om as proponente in die kerk te werk sonder dat hulle beroep word,” verduidelik hy op grond van onlangse navorsing van die Taakspan Navorsing. *Kerkbode* het hom uitgevra:

Is daar deesdae meer vroue wat teologie swot en predikante word?

Tussen 1990 en 2019 is daar ongeveer 1 350 persone in die NG Kerk gelegitimeer: 21% vroue en 79% mans. Die mans wat gelegitimeer is in hierdie tyd het 'n 73% kans gehad om beroep te word, en die vroue 'n 61% kans. Dinge het mettertyd verander. As ons slegs van 2010 afkyk, is 63% van gelegitimeerdes mans, en 37% vroue, terwyl 59% van vroue uit hierdie groepe al 'n beroep ontvang het, teenoor 69% van die mans. Uit diegene wat beroep is sedert 2010, het die mans 'n groter kans gehad om hulle eerste beroep binne twee jaar na legitimasie te ontvang.


Die kort antwoord is dus dat daar al hoe meer vroue is wat teologie studeer en gelegitimeer word, al hoe meer vrouepredikante is wat beroep word in gemeentes, maar dat vroue steeds moeiliker beroepe kry in die NG Kerk as hulle manlike eweknieë.

Hoe lyk die verspreiding van predikante tans?

Predikante bevind hulleself op verskillende plekke. Party is dosente, ander kapelane, en nog ander werk in 'n heel ander veld. Daar was teen 2019 sowat 1 335 predikante wat beroep is en aan gemeentes verbind is. Sowat 144 van hulle is vroue. Van hierdie 144 is 43% in tentmaker- of termynbepaalde poste, teenoor slegs 14% van mans. By predikante wat sedert 2010 gelegitimeer is, is 49% van vroue en 31% van mans in tentmaker- of termynbepaalde poste.

Maar doen vrouepredikante aansoek?

Ons hoor partymaal dat vroue nie aansoek doen vir poste nie. Daar bestaan nie 'n sentrale rekord van wie aansoek doen nie, maar in 'n vraelys wat deur 'n groot persentasie predikante (asook 'n aantal proponente) onder 40 ingevul is, dui slegs ongeveer 10% van beide mans en vroue aan dat hulle nie in die afgelope drie jaar enige aansoeke ingedien het nie. Meer as 70% van beide mans en vroue dui aan dat hulle verder as 50 km van waar hulle tans bly, aan-



soek gedoen het. Beide jong vroue en mans wat beroepbaar is, is dus besig om aansoek te doen vir poste, en is bereid om te verhuis as hulle 'n beroep sou kry.

Word vrouepredikante na die platteland beroep?

Ander kere hoor ons dat jong predikante oor die algemeen, en vroue spesifiek, nie op die platteland wil aansoek

doen nie. Beide jong mans en jong vroue dui aan dat hulle aansoek doen in kleiner dorpe op die platteland. Sowat 41% van vroue en 49% van mans onder 40 beskryf hulle huidige gemeente as deel van die platteland.

► Dr Cobus van Wyngaard is ondervoor-sitter van die Taakspan Navorsing, dosent in *Sistematiese Teologie* by Unisa, en predikant van NG Pretoria.

Terugblik na 1990 se sleutelbesluit

'God het vroue dan hiermee vertrou' – Heyns

JACOBIE M HELENA

“Dit was 'n emosionele debat.”

Só onthou Neels Jackson, joernalis en voormalige redakteur van *Kerkbode*, die Algemene Sinode van 1990 in Bloemfontein waar vroue tot die amp van ouderling en predikant in die NG Kerk toegelaat is.

Jackson vertel hoe dié sinode nog in 'n parlementêre styl plaasgevind het: “Dit is belangrik om te onthou dat die sinode nie soos vandag se sinodes gelyk het nie. Die formaat van die sinode was baie anders as wat dit vandag plaasvind. Al die afgevaardigdes was wit mans wat agter mekaar, soos in die parlement, in rye gesit het. Daar was 'n mikrofoon in die middel voor waar die mans hulle opinie kon lug. Dít is hoe daar gedebatteer is,” vertel Jackson.

Jackson sê dat die bespreking oor die

vrou in die amp na afloop van 'n reeds emosionele debat oor die tweede “Kerk en Samelewing”-dokument gekom het. Prof Pieter Potgieter, wat as moderator van die sinode opgetree het, sê hy moes dikwels op sy voete dink om sake ordelik te laat verloop. Hy sê dat die debat hoofsaaklik oor eksegeese en die interpretasie van betrokke Skrifgedeeltes gegaan het.

Dr Frits Gaum, self 'n voormalige redakteur van *Kerkbode* en skriba van die 1990-sinode, beaam dit. Hy vertel dat daar 'n lang aanloop van besprekings en verslae oor die saak was. “Agt jaar vantevore, by die Algemene Sinode in 1982, is die vrou tot die diakenamp toegelaat. 1990 sou die ‘rubicon’ ten opsigte van die vrou in al die ampte oorstek ... daar was steeds groot verskil van mening oor sommige aspekte van die saak,” onthou hy.

Van die uitlatings wat Paulus in die Nuwe Testament oor vroue maak, is gebruik in argumente teen die vrou in die amp, aldus Gaum.

Nog teen-argumente wat hy onthou, was die vraag oor hoe 'n vrou as predikant in die aand te midde van gevare sal kan huisbesoek doen. Ook dat 'n vrou net nie heeltemal opgewasse vir die bediening is nie, want sy het 'n ander rol in die kerk om te speel, vertel Gaum.

Teenstanders van die vrou in die amp het op 'n stadium byna die debat gewen – so wou dit voorkom, onthou Jackson. “Ons breek toe vir tee. Na tee het die debat voortgegaan en prof Johan Heyns het 'n spreekbeurt gekry. Dit was 'n waterskeidingsoomblik wat die hele debat gedraai het.

“Heyns het geargumenteer dat as God vroue as eerste getuies by die leë graf met dié belangrike boodskap ver-

trou het, hoe kan ons in die NG Kerk nie ook vir vroue met die verkondiging van die Woord vertrou nie? Die sinode het op die ou end met 'n beduidende meerderheid vir die vroue in die amp gestem,” sê Jackson.

Maar Potgieter vertel dat daar baie ongelukkigheid na afloop van die sinode was: “Die moeilikste deel het ná die sinode gekom toe baie lidmate ongelukkig was met sommige van die besluite. My telefoon het trouens vir dae lank byna sonder onderbreking gelui – hoofsaaklik met mense wat hoogs ontsteld en ontevrede was,” onthou Potgieter.

En Potgieter se persoonlike standpunt oor die vrou in die amp by die betrokke sinode? “Ek sou graag sterker eksegetiese gronde vir die besluit oor die vrou in die amp wou sien, maar ek glo dat die sinode onder leiding van die Heilige Gees besluit het,” sê Potgieter.

Oor stereotipes en energie

Ter viering van dertig jaar van die vrou in die amp in die NG Kerk, het JACOBIE M HELENA hierdie ses dominees 'n paar vrae gevra.

Liesel Krause-Wiid, NG gem Kameeldrif

Wat het Covid-19 jou geleer oor jou geloof en oor die kerk?

Die aaklige koronavirus het ons huis sy adres gemaak toe my 13-jarige seun positief vir Covid-19 getoets het. Hy was vir 'n paar dae baie siek en hoewel sy smaak steeds aangetas is, is ons baie dankbaar dat hy vinnig herstel het. My eerste reaksie na ek die nuus gehoor het, was verslaenheid. Ek het onmiddellik op my knieë gesak en vir my kind begin bid en 'n kalmte het oor my gespoel.

Vir watter deel van die bediening het universiteitstudies jou goed voorberei en watter dele moes jy heelwat "op die job" leer?

My studies het my geleer om verantwoordelik met die Bybel om te gaan. Dit is belangrik om elke Bybelboek se genre, kultuur, gebruike, taal en nog soveel meer in ag te neem.

Hoe sien die samelewing vrouedominees?

Ek dink die meerderheid van ons samelewing is baie gemaklik met vrouepredikante. Ek het nog net een keer vandat ek beroep is met iemand te doen gekry wat negatief was oor die vrou in die amp.

Tilana Meyer-Morkel, NG gem Paarl-Vallei

Hoe sien die samelewing vrouedominees?

Ek is vasgevang tussen twee teenpole. Aan die een kant, is dit vir baie mense 'n "vars bries", 'n "bewys oor hoe ver die kerk gekom het". Aan die ander kant, is dit vir baie mense nog steeds onaantwoordbaar dat enige vorm van leierskap of gesag by 'n vrou hoort. Die hartseer van die twee teenpole is dat dominees, wat toevallig vroue is, as 'n "ding" gesien word. Dit is nog lank nie normaal nie.

Ervaar jy stereotipering in die werksomgewing?

Daar is nog baie werk om te doen. Die groot uitdaging rondom stereotipering is dat dit op 'n baie onbewustelike vlak ge-

beur en op die slegste maniere na vore kom. Dit maak dit moeilik om probleme te "pin point". Mense pleit vinnig onskuldig. Daar sal 'n diep, lang en moeilike proses van bewusmaking, aanvaarding en omhelsing binne-in ons gemeente moet plaasvind voordat daar 'n gelyke speelveld vir my en my manlike kollega is.

Maar, we can do hard things. So, ek is baie hoopvol dat ons beweeg en treë vorentoe gee. Die lig in die tunnel is dat daar wel individue is wat nie op stereotipes reageer nie, wat nie vasklou aan patriargie nie en wat mense (punt) as gelyk ag, aanvaar en behandel. Ons het net méér van hierdie stemme in ons leierskap nodig.

Elsabe Horn, NG gem Windhoek

Watter deel van jou werk tap en voed jou as mens?

Ek hou niks van vergaderings, geld tel en somme maak nie. Strukture, ordes en "red tape" maak my lam. Ek voel vol as ek 'n preek moet voorberei en nuwe ontdekkings maak en is opgewonde as ek besef die preek was eintlik vir my. Dit voed my om mense in hulle worsteling, seer en soeke te ontmoet.

Ervaar jy stereotipering in die werksomgewing?

Ek dink daar is waardering vir die ander dinamika wat vroue tot die bediening kan bring. Vroue spreek spesifieke behoeftes aan en die aanslag waarmee ons dit kan doen, is uniek. Ek wil nie as vrou gelyk behandel word as die mans nie, want ek is nie 'n man nie. Ek is anders en het 'n ander rol om te vervul. Ek dink die kerkomgewing moet daardie aanvullende rol omarm. Vroue behoort nie aangestel te word omdat hulle vroue is nie, maar oor die aanvullende bydrae en stem wat hulle kan bring.

Bianca van Graan, NG gem Kenhardt

Wat het Covid-19 jou geleer oor jou geloof en oor die kerk?

Covid-19 het my geleer dat ons die klem

in die kerk vir te lank op die verkeerde goed geplaas het. Die kerk kan in alle omstandighede oorleef. Ons as predikante en gemeentelede moet net bereid wees om aan te pas.

Watter deel van jou werk tap jou en voed jou as mens?

Die emosionele ondersteuning van mense tap my as ek nie 'n ondersteuningsnetwerk het nie. Dit tap my om te sien dat al spandeer ek tyd saam met mense, aan my preke en aan my voorbereiding, daar soms steeds nie groei by mense plaasvind nie. Dit voed my om te sien dat mense in hulle geloof en in hulle persoonlike lewe groei. Ek kry energie as ek sien hoe opgewonde tieners is om van geloof en die Bybel te leer.

Hoe sien die samelewing vrouepredikante?

Ek ervaar gemengde reaksies oor vrouepredikante. Daar is mense wat positief is oor vrouepredikante of wat bereid is om jou 'n kans te gee. Oor die algemeen ervaar ek dat jy konstant gemeet word aan manlike kollegas of voorgangers. Veral as jy die eerste vrouepredikant in 'n gemeente is, verwag die gemeente dat jy moet optree en maak soos wat die vorige manlike predikante gemaak en opgetree het. Dit veroorsaak baie spanning as jy jouself die heelyd moet bewys en steeds gekritiseer word omdat jy nie doen soos hulle gedoen het nie.

Ronél Meylahn, NG gem Universiteitsoord

Wat het Covid-19 jou geleer oor jou geloof en oor die kerk?

Wat Covid-19 anders maak, is dat ek ontdek het wanneer mense sáám ly en saam ingeperk word, is daar groter deernis en sagter harte vir mekaar. Oor die kerk: Ek dink die kerk het dadelik begryp dat ons op nuwe, kreatiewe maniere moet kerk wees en dat ons nie gebind is aan ons geboue nie.

Watter deel van jou werk tap en voed jou as mens?

Die antwoord op albei vrae is dieselfde – pastoraat en prediking. Ek is altyd met huiwering pastoraal by mense betrokke, bewus daarvan dat ek op heilige grond staan, en baie bewus dat ek nie noodwendig antwoorde het nie, maar terself-

dertyd is dit vervullend, omdat dit in my saam reis met mense is waar ek die verrassende, heelmakende krag van God beleef. So ook met prediking, is ek altyd weer verstom oor die belewenis dat die Woord van God lewe skep, ruimte skep vir nuut word en vir tot verhaal kom, perspektief gee en geloof wek.

Ervaar jy stereotipering in die werksomgewing?

Ek was in drie gemeentes tot nou toe en het altyd liefde en aanvaarding beleef. Ek het nooit ervaar dat mense my anders behandel as my manlike kollegas nie. Ek is jammer dat baie van my vroulike kollegas 'n ander belewenis gehad het en baie seergekry het.

Suléne du Toit, NG gem Fraserburg

Hoe het universiteitstudies jou vir die bediening voorberei en watter dele moes jy "op die job" leer?

Fraserburg staar die agtste jaar van uitmergelende droogte in die gesig. En nou word die land boonop nog in 'n ekonomiese krisis weens die uitbreek van Covid-19 gedompel. Ek het op universiteit geleer dat ek nie altyd al die antwoorde hoef te hê nie. Ek kan bloot net sáám luister, saam treur en saam met my gemeentelede probeer om steeds vir God, midde in die krisistyd, raak te sien. Verder het ek nie geleer om vir 'n kamera te preek of slegs 'n stemopname met voice-recording preke op te neem nie. Ek moes vinnig leer om op my stem staat te maak en die rol van 'n radio-omroeper in te neem. Dit was wonderlik om te ervaar dat God slegs my stembande nodig het om die boodskap by sy geliefdes te kry.

Ervaar jy stereotipering in die werksomgewing?

Alhoewel baie plattelandse gemeentes dalk nog neersien op vroulike predikante het Fraserburg-gemeente gewys dat hulle geen onderskeid tref nie. Sekere onvanpaste opmerkings het hoofsaaklik van nie-gemeentelede gekom en 'n mens kan dit oor die boeg van onkunde gooi. Maar ek steur my glad nie daaraan nie. Die uitdaging is veel eerder dat ek jonk is as wat dit 'n uitdaging is om vrou te wees.



Liesel Krause-Wiid



Tilana Meyer-Morkel



Elsabe Horn



Bianca van Graan



Ronél Meylahn



Suléne du Toit



Jaco Strydom gesels met Stephan Joubert

'n Paar hoede, kano en vuurpyl

JACO STRYDOM

Jare gelede is ek saam met jongmense uit ons Echo-gemeenskap by 'n konferensie. Toe ek uitstap sien ek 'n groepie van hulle sit op die gras en gesels.

"Hey Jaco," roep die een vlugteling-outjie, "come sit with us. This is Stephan," sê hy toe ek nader stap en wys tot my verbasing na Stephan Joubert waar hy tussen hulle sit en gesels.

Dis die tipe prof na wie ek graag wil luister, het ek gedink.

Stephan het grootgeword in Kemp-tonpark, sy pa was in die lugdiens. Op 'n dag kom sy pa by die huis aan en vertel dat die eersteminister op die vlug was en dat dit sy werk was om elke nou en dan te gaan kyk of alles nog reg is en of hy iets nodig het.

"Ek het vir hom gesê, Pa, dis seker 'n enorme voorreg om die eersteminister op die vliegtuig te hê. Toe sê hy, ja my kind dit is, maar weet jy wat, as hy slaap loop daar ook maar spoeg uit die hoek van sy mond uit!"

Ons gesels oor die idee dat die pad van geestelike groei, 'n pad na onder is. Dat ons, soos ons groei, eintlik veronderstel is om minder statusbewus te word, minder belangrik in ons eie oë, meer toeganklik, meer weerloos voor ander, ligter te reis, meer eenvoudig te lewe ...

Dit is byvoorbeeld belangrik dat 'n professor elke nou en dan weer sal besef dat ons almal eintlik maar lewenslank studente is, sê Stephan.

Hy vertel van 'n onlangse gesprek met sy vriend Jan van der Watt saam met wie hy destyds die Boodskap vertaal het.

Jan het pas afgetree en is terug in Suid-Afrika. Nou die dag toe hulle saam kuier sê hy, dis so lekker nou dat hy meer vrye tyd het, want leer hy weer só baie

nuwe dinge in die Nuwe Testament.

"Hier is my vriend, Jan, wat net nou die dag 'n 700 bladsye boek oor die Johannesevangelie geskryf het, waarskynlik tans die wêreldleier op Johannes, en hy praat soos toe ons studente was, toetaal opgewonde oor die Bybel."

Stephan praat graag oor die mense wat hom beïnvloed het langs die pad.

Hy was 31 toe hy destyds aangestel is as professor in Nuwe Testament by Tuks. "En skielik was my mentors my kollegas. Wat 'n voorreg," sê hy.

Die dosente het daai jare 'n gereelde biduur gehou. Hy sal nooit sy eerste biduur vergeet waar Johan Heyns vir 'n student met finansiële probleme gebid het nie. Sy passie het 'n groot indruk op hom as pas aangestelde dosent gemaak.

Stephan het sy voorliefde vir die Nuwe Testament as student by prof Andrie du Toit gekry.

"Hy was die stil profeet van die NG Kerk," sê Stephan. "Ons was aanvanklik vrek bang vir hom! Maar by hom het ek geleer dat die Nuwe Testament lewe."

Stephan vertel hoe hy hom na sy huis genooi het, hoe dikwels hulle saam geëet en oor diep dinge gesels het, veral terwyl hy besig was met sy doktorsale studies in die Nuwe Testament.

"Maar anders as prof Andrie du Toit," sê Stephan, "werk my kop glad nie struktuur-analities nie. Ek was sy eerste doktorsale student wat nie die struktuur-analise-model waarvoor hy bekend was gevolg het nie, maar op sosiologie begin werk het. Op daai stadium was dit die nuwe tendens in die Nuwe-Testamentiese wetenskap, deel van 'n nuwe beweging van mense soos Bruce Malina. Prof Andrie was aanvanklik nie baie ten gunste daarvan nie, maar hy het my die vryheid gegee om dit te doen, en dit is



wat eintlik vir my so wonderlik was."

Later gesels ons oor die kerk se beheptheid met beheer en hy merk op dat 'n mens in 'n familie eintlik veronderstel is om mekaar meer te vertrou.

Stephan het al oral in die wêreld klas gegee, tot onlangs by universiteite in Nederland en Australië. Die afgelope 10 jaar is hy ook by Kovies betrokke in die professoraat in eietydse ekklesiologie. "Iets tussen Praktiese Teologie en Nuwe Testament," verduidelik hy.

Maar die akademiese hoed is net een hoed van Stephan Joubert. Hy vertel dat iemand eenkeer vir Jean-Paul Sartre gevra het waarom hy so min by die universiteite in Parys is, en sy antwoord was dat hy die filosofie beter bestudeer vanuit die straatkafes in die stad.

Behalwe vir EKerk is Stephan betrokke by 'n klomp gemeentes, skryf hy elke dag – onder andere vyf dae per week 'n oordenking vir *Beeld* – en tree hy gereeld op as spreker.

Wat ontstel hom die meeste in die

kerk vandag en wat maak hom opgewonde?

Die ding wat hom die meeste ontstel is die gebrek aan dringendheid. Die vroeë kerk het hulle wêreld in 'n ander hoek in gedien en ons is veronderstel om dit ook te doen.

Wat hom opgewonde maak is gemeentes wat juis dít doen. Voor ons gesprek was Stephan vir 'n opname by kerksondermure in Centurion en hy was amper in trane toe hy hoor dat hulle besig is met 'n projek om meer as 'n miljoen Rand se kos in Olievenhoutbosch te versprei. Hy vertel nog stories, onder andere van hoe Oosterlig-gemeente hulle kerksaal oopgemaak het vir haweloses om in te slaap, en sy oë blink.

Jare gelede was hy by 'n praatjie waar Bill Hybels gesê het: "You can't fire a rocket from a canoe." Stephan sê hy het by homself gesit en dink: "Of course you can!" – want dis die storie van Jesus en die vroeë kerk, en dit kan vandag weer gebeur.

Nederland wink vir 'plaaslike' dominee

JACOBIE M HELENA

Almatine Leene is die eerste vrou om 'n beroep te ontvang in die Gereformeerde Kerk Vrijgemaakt in Nederland.

Dr Leene beskryf daardie denominasie as haar geboortekerk, so die afskeid is ook 'n terugkeer vir die leraar wat die afgelope paar jaar as dominee by NG gemeente Stellenbosch-Wes werk.

Leene en haar gesin sal inval by 'n gemeente met sowat 900 lidmate, waarvan ongeveer 70% van lidmate jonger as 50 jaar is en 'n kwart onder 14. "(Die gemeente) groei baie in getalle en het 'n diep hongerte vir die Woord," vertel sy opgewonde.

Leene het 16 jaar in Suid-Afrika gewoon en gewerk en die besluit was nie maklik nie. "Ek het al groot trane gehuil en ek dink ek gaan nog baie trane huil," vertel sy. "Die NG Kerk sal vir my



Dr Almatine Leene, haar man, Frederik Bester, en hulle drie seuns, Sebastiaan, Gideon en die pasgebore Johanan, verhuis eersdaags na Nederland waar Leene as leraar in haar geboortekerk, die Gereformeerde Kerk Vrijgemaakt, in die stad Hattem bevestig gaan word. Leene, wat reeds 16 jaar lank in Suid-Afrika woon, sal die eerste vrou wees wat in dié denominasie as predikant bevestig word.

Foto: Suané Lourens

altdy baie spesiaal wees omdat dit die kerk is waar ek 'n leraar geword het. Ek mag dalk in Nederland die eerste vrou wees wat in my denominasie bevestig word, maar ek is al 'n leraar. En dít is die geskenk wat die NG Kerk vir my gegee het. Die NG Kerk het my eerste die erkenning as leraar gegee wat ek toe nog nie in Nederland kon kry nie. Dit is vir my ongelooflik en spesiaal. Ek sal dit nooit vergeet nie," sê Leene.

En wat neem dié Nederlander van Suid-Afrika terug na haar geboorteland? "n Bewustheid van jou konteks en gasvryheid," sê Leene vinnig en verduidelik verder: "In Suid-Afrika voel dit of jy baie meer met jou konteks, noodgedwonge ook, te doen het. Dit spruit uit die fokus om missionaal te wees en kerk te wees. Jy het kontak met jou konteks. Jy is kerk waar jy is. In jou dorp. Ek dink die Nederlandse kerk kan nog baie hieroor leer."

Eetplekke staan saam

Daniel Holland is moedeloos. Só beaam die plakkaat wat hy omhoog hou. Hy staan bo-op sy eie restauranttafel voor Yours Truly in die middel van een van Kaapstad se gewildste restaurant- en kroegstrate. Rondom hom is personeel en ondersteuners met hulle eie plakkaat vir hierdie etensuurveldtog deur die restaurantvereniging van Suid-Afrika.

Hy beklemtoon dat dit uiters aard nie hier oor Yours Truly of selfs Kloofstraat in die besonder gaan nie. Dit gaan oor die ekonomiese oorlewing van almal in die bedryf wat veral aan die pen ry weens die verbod op alkoholhandel en verkorte ure en gewoon 'n afname in klante.



Dit is tawwe ekonomiese tye in 'n provinsie wat, ten tye van die optog, 86 329 Covid-19-gevalle in die Wes-Kaap op hande gehad het, en meer as 380 000, landwyd gemeet.

So maklik raak 'n mens opgevang in jou eie nood. In *Kerkbode* se geval, koerantdinge: verspreiding, aflewering, dalende intekenaartal, verlies aan advertensie-inkomste. Dan sien jy 'n man op 'n tafel of 'n kelner met 'n plakkaat vol vet letters en jy besef: Ons is almal saam in hierdie ding.



Nioma Venter OP DIE KERKSTOEP

'Ek was g'n geloofsheld'

Daar is mense wat baie sieker is as wat ek was. Ek het dit in die hospitaal rondom my gesien en gehoor en ek is baie bewus daarvan wanneer ek al die berigte van mense se siekte en dood op Netwerk 24 en sosiale media lees. Ek was en is gelukkig en ek is baie diep bewus daarvan en dankbaar.

My simptome het met 'n droë hoes begin wat vinnig in 'n seer bors en keel omgesit het. Die eerste keer wat ek dokter toe is, het hy net vir my immuunversterkers, hoemedisyne en pynpille voorgeskryf. Hy het my nie laat toets vir Covid-19 nie, want volgens hom is die patoloë oorlaai en het ek nie genoeg simptome nie en ook geen onderliggende siektes nie. Ek was dus te gesond om siek te wees. Dieselfde dag het ek besef dat ek geen reuk- of smaaksensasie het nie. Dit was vreemd, veral om geen smaak te hê nie, maar net die tekstuur van kos te ervaar.

Die hoesery het voortgeduur, totdat ek drie dae later bloed begin hoes het. Dit het my groot laat skrik en baie ontstel. Ek was nou al 'n week lank siek. Ek is weer dokter toe. Hy kon eers twee dae later 'n afspraak by die patoloë kry om 'n toets te laat doen. Toe ek twee dae later by die laboratorium kom, het ek steeds bloed gehoë. My asem was baie kort. As ek die bed opmaak, of bloot net stort en aantrek, moes ek eers gaan sit om my asem terug te kry. Toe die patoloog vir my sê dat dit nog drie tot vier dae kan neem voor die uitslag beskikbaar is, het ek 'n kollega gebel wie se man 'n longspesialis is en hy en my huisdokter het na 'n telefoniese konsultasie met 'n internis net daar besluit om my te hospitaliseer. Ek is dus dieselfde oggend van my toets opgeneem. 'n EKG is gedoen en plate van my longe geneem. Na die internis se bestudering van die X-strale, het hy vir my gesê dat hy 99% seker is dat ek die virus onder lede het. Ek het op daardie

stadium ook 'n koors begin ontwikkel.

Ek was al 24 uur op 'n drup toe die uitslag van my toets kom. 'n Mens sou dink dat ek teen hierdie tyd gewoon moes wees aan die gedagte, maar die uitslag het my onkant gevang. Elke lieue vrees denkbaar het my beetgepak. Die onvoorspelbaarheid van die virus, die wete dat daar nie 'n teenmiddel is nie, al die berigte wat 'n mens lees van mense se skielike agteruitgang en dood, die vrees dat die bloed in my longe dalk op 'n bloedklont mag dui (want op daardie stadium was ek al op dag 3 van die bloed). Dit is vir my baie moeilik om my geloofservaring te probeer verwoord. Deels omdat ek voel ek myself en baie ander sal teleurstel as ek eerlik is, deels omdat ek soek na woorde en sukkel om dit met enigiets wat ek al beleef het te vergelyk. Ek het letterlik emosie, verstand en die misterie van geloof en vrede in stryd met mekaar in my binneste voel woed. *Die ballade van 'n kleingelowige*: Dit is hoe ek die ervaring van daardie volgende 48 uur of wat kan beskryf. 'n Mens raak intens bewus van die broosheid van jou liggaam, die noodsaak van elkeen van jou organe, van lewensnoodsaaklike asem en 'n onbekende en onsigbare vyand wat dit alles bedreig. Om alles te kroon, is daar 'n rooi plakkaat op jou deur wat ander teen jou waarsku en is jy maar te bewus van die mediese en huishoudelike personeel se moeite met aan- en uittrek, elke keer as hulle die geringste dingetjie in jou kamer kom doen.

Ek is daarvan oortuig dat elke lieue personeel in daardie hospitaal 'n engel is. Jy moet die gesprekke hoor wat hulle met pasiënte het. Die bemoediging, omgee en liefde is oorweldigend. Daar kom mos geen ander besoekers nie, ook nie pasiënte se dominees nie! Ek kan jou verseker, onder daardie mediese personeel is diep gelowiges met wonderlike

gawes van bemoediging. Ek was so aangenaam verras toe ek my fisioterapeut op dag 3 in die hospitaal ontmoet en sy my eien as 'die dominee was soms by die gemeente preek'. Sy is toe 'n lidmaat van die gemeente waar ek gekoppel is en inderdaad somtyds preek. Dit was ekstra spesiaal om aan die ontvangkant van 'n omgekeerde rol te staan – want gewoonlik is dit ék wat die lidmate in die hospitaal besoek en nie die lidmaat vir wie die dominee in die hospitaal besoek nie.

Ek is na vyf dae ontslaan en was nog vir 'n verdere agt dae in kwarantyn in my huis – afgesonder van die res van my gesin. Ek dink my ballade vertel iets soortgelyks as wat tydens die oorlog teen Amalek met Moses gebeur het: Hy het moeg geraak en Aäron en Hur het 'n klip agter hom ingeskuif, hom daarop laat sit en toe sy arm met 'n kiere van oorwinning in sy hand omhoog gehou (Eksodus 17:12). Al die ondersteuning, boodskappe en oproepe van vriende, familie, kollegas en diegene rondom my in die hospitaal, het die deurslag gegee, nié my eie krag nie! Ek was geen geloofsheld nie, net 'n sterflike mens. Die geloof van ander het my gedra.

Ek is steeds op voorkomende behandeling vir bloedklonte en gaan tuis voort met fisio om my longe weer volsterkte te kry. My reuksintuig is nog nie terug nie en ek kan voel my asem raak soms nog 'n bietjie kort as ek te veel woel. Ek bly ook nog maar eerder weg van berigte oor al die trauma wat ander beleef en bid eerder vir diegene wat ek ken en ook dié wat ek nie ken nie, wat ek van hoor wat positief toets. Dit is nou weer my beurt om hulle arms hoog te hou.

En nee, ek weet nie waar ek dit opgedoen het nie!

► *Ds Nioma Venter is ondervoorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen.*



NUWE stemme

Digitale eredienste: Hoe en hoekom

ANANDIE GREYLING

Lank, lank gelede was daar 'n internetmodem (nie router nie) wat so lank gevat het om met die telefoonlyn te konekteer dat jy nie onnodig op die internet gegaan het nie. Dit was heeltemal te duur en het baie geduld geverg. Jy het "vinnig" aanlyn gegaan, gedoen wat jy moes en weer van lyn af gegaan. Vandag het die meeste mense toegang tot die internet deur 'n klein toestel in hulle hand – 'n selfoon. Databeskikbaarheid verskil van huishouding tot huishouding, asook die gebruik daarvan. Maar om

virtueel by eredienste in te skakel, veral in hierdie grendeltyd, was 'n nuwe rede vir baie Suid-Afrikane om data en 'n selfoon te gebruik.

Baie gemeentes kom steeds nie in (vyftig) lewende lywe in 'n kerkgebou in Suid-Afrika bymekaar nie. Eredienste word hoofsaaklik deur selfone versprei: YouTube, SoundCloud, WhatsApp-audio of uitgeskrewe materiaal. Virtuele eredienste is ook nie noodwendig vir ouer generasies 'n nuwe verskynsel nie. Miskien onthou jy ook hoe jou ouma na die erediens op die radio geluister het terwyl sy die Sondagmiddagete voor-

berei het. Of dalk hoor jy in hierdie grendeltyd dat na ál jou moeite verkies lidmate om eerder na die preke op RSG te luister (hulle doen dit eintlik al voor die grendeltyd).

Tog is daar 'n behoefte onder lidmate (ledemate van die Liggaam) om weer liggaamlik bymekaar te kom. Dit is nie omdat die preke nie goed genoeg is nie, maar kan moontlik (en gedeeltelik) toegeskryf word aan 'n tekort aan liggaamlikheid tydens ons virtuele eredienste. Ons onderrok hang uit in die sin dat ons in die eredienste in 'n kerkgebou waarskynlik te min maak van liggaamlikheid.

Goeie, rasonale prediking en sang geniet voorrang en dit kom ook duidelik na vore in hoe die meeste van ons virtuele eredienste aanpak. Die erediens en liturgie wil juis meer as die liturg/prediker se stem tydens die erediens laat hoor. Maar nou is dit hoofsaaklik die dominee se stem wat ons op 'n Sondag hoor. En die lidmate? Hulle sit passief voor die skerm en luister, slaan die gedeeltes van die erediens oor wat hulle nie van hou nie of sit die toestel sommer net af. Miskien het die Liggaam reeds voor die grendeltyd verlam en passief in die kerkgebou op 'n Sondag gesit?



Ons leer nou vinnig

NELIS JANSE VAN RENSBURG

Ons betree 'n nuwe era in die geskiedenis. Daaroor kan daar geen twyfel wees nie. Daarvan getuig die leerkurwe waarin ons onself die afgelope maande bevind het. Een van die belangrikste onbedoelde uitkomst van die Covid-19-pandemie was dat ons verbeelding oor die toekoms geweldig gestimuleer is.

Hoewel die "nuwe" toekoms ongedefinieerd en onsienbaar is, weet ons reeds baie daaroor. Ons weet dat menslike gedrag en gewoontes anders gaan wees. Ons weet dat ons nageslag nuwe, meer komplekse uitdagings die hoof sal moet bied. Ons weet ook reeds dat die volhoubaarheid van die aarde as natuurlike bron onder meer druk gaan kom. Ons weet dat kunsmatige intelligensie 'n groter en groter rol gaan speel. Ons weet ook dat die digitalisering van die wêreld almal toenemend toegang gaan gee tot dieselfde bronne van kennis. Die wêreld se onderrig- en opleidingsmetodes gaan revolutionêr verander. En ons weet dat mense toenemend 'n behoefte gaan hê aan sosiale konneksie.

Covid-19 het die transformasie van 'n ou na 'n nuwe wêreld inderdaad dramaties versnel. En het ons dit nie in die kerk aan die lyf gevoel nie? Hoe vinnig het ons nie almal geleer om digitale platforms te gebruik vir eredienste en toerustingseleenthede nie? En hoe het ons voortgesette opleiding van dominees nie toeganklik geraak vir almal in elke uithoek van die wêreld nie? Ons is in 'n sin reeds op 'n snelbaan geplaas na 'n nuwe wêreld. En dit beteken dat ons die hele tyd leer.

Daar is daarom veral twee maniere

waarop ons nou 'n verskil kan maak aan die toekoms, deur navorsing en opleiding. Op beide hierdie gebiede het die NG Kerk die afgelope jare groot treë gegee. Ons nuwe bane van teologiese opleiding kon nie op 'n beter tyd kom nie. Teologiese opleiding is meer toeganklik gemaak. Die toekoms sou immers nie ons ou grense eerbiedig nie.

Ons hoop nou ook om in die afsienbare toekoms opwindende nuwe opleidings- en toerustingsmoontlikhede vir lidmate te ontsluit. In 'n missionale kerk val die fokus mos baie sterk op die amp van die gelowige. Gelowiges is die draers van die Goeie Nuus en beliggaam Christus se diensbaarheid op elke plek waar hulle teenwoordig is. As ons die toekoms wil beïnvloed sal ons meer en meer gelowiges móét laat deel in die kennis en vaardighede wat voorheen net vir sommige toeganklik was. In 'n diverse en vloeibare wêreld gaan die verantwoordelikheid vir die toepassing van geloofskennis en -vaardighede net nog meer van almal vereis word.

Ons het egter op die gebied van navorsing ook groot vordering gemaak. Van die dae van die besondere insigte wat deur Kerkspieël ontsluit is, na vandag waar kwalitatiewe navorsing blitsvinnig gedoen word, het die waarde van goeie navorsingsresultate net bly toeneem. En hoe dikwels word die aannames wat ons byvoorbeeld oor lidmate se insigte, kennis en menings, en oor gemeentes se verstaan van hulle roeping, uitdagings en dilemmas het, nie deur die uitkomst van navorsing aangepas nie. Die ontnugterende werklikheid is dat ons nou besef dat ons in die verlede dikwels hieroor geraai het en gemaak

het of ons weet wat aangaan en dan so hopeloos verkeerd was. Terloops, die aannames van die eerste paragrawe hierbo oor wat ons weet, word inderdaad ondersteun deur navorsing.

Een ding is seker, ons kan in die kerk net so min bekostig om nog te raai hoe mense dink en wat die aannames is waarmee hulle funksioneer as wat enige ander suksesvolle onderneming kan bekostig om in die donker te skiet. Ons leer ook nou om teologiese navorsing aan die fakulteite waar ons studente opgelei en navorsing gedoen word, te belyn met die behoeftes wat deur ons kerklike navorsing uitgewys word. Die kerk, in al sy gestaltes, het die laaste tyd vinnig geleer wat dit beteken om die probleem-eienaar van navorsing te wees. En ons leer teen 'n hoë tempo om die resultate van navorsing te interpreteer en benut in ons bediening van die magdom van soorte mense en situasies wat die Here op ons pad plaas.

Net in die onlangse verlede het ons byvoorbeeld baie wys geword oor die tendense in gemeentes tydens Covid-19 deur ons eie uitgebreide navorsing onder gemeentelidmate. Ons weet nou uit hierdie navorsingsresultate dat gemeentelidmate meen dat die belangrikste vaardighede wat hulle nou nodig het, kulturele sensitiwiteit, beter begrip van die ander, beter samewerking en die vermoë om vertrouwe te wen, is. Ons opleiding moet nou hierdie behoeftes aanspreek. Ons besef al hoe meer dat onttrekking, mure, afsondering, enkelvormigheid ons nie gaan help om die evangelie te deel en die krag van die gemeenskap van gelowiges te beleef waarvan die Bybel ons vertel nie. Die belig-

gaming van die Jesus vir wie ons volg, kan nouluks in afsondering geskied.

Gelukkig bevestig die navorsing dat gemeentes dit verstaan en daarom reeds groot aanpassings gemaak het na meer-voudigheid. Netwerke met ander rolspelers word gevestig, multi-kulturaliteit is nie meer vreemd nie, onbedoelde afgegrensdheid is met bedoelde verhoudings en netwerke in die groter gemeenskap vervang, so dui die navorsingsresultate vir ons aan. Natuurlik is daar nog baie werk. Maar ons respondente sê Covid-19 het hierdie prosesse versnel.

Die konsolidasie van hierdie winste van ons tyd gaan lê in die wyse waarop ons opleiding en toerusting aan gelowiges kan bied. Nuwe koinonia gaan in leergemeenskappe gevind word, selfs in digitale leergemeenskappe wat oor grense strek. Die konsep van lewenslange leer sal nou gevestig moet word. Kategese kan nie klaar wees in Gr 11 nie. Nee, ons sal programme saam met lidmate moet ontwikkel om gespesialiseerde bedieningskennis en -vaardighede toeganklik te maak. Die heelpad moet hierdie nuwe leergeleenthede gelei en ondersteun word met navorsing wat aandui waar die Gees nuwe moontlikhede oopmaak en waar ons Hoof ons gemeentes heen lei.

Ek het hoop vir die kerk. Ek sê dit nie omdat dit die regte ding is om te sê nie. Ek glo dit op grond van wie Christus, ons Hoof, is. En ek sien die vrug van sy leierskap in die antwoorde van die talle gelowiges wat getuig van 'n versnelde dinamika in ons kerk, 'n beweging van God self, in die wêreld.

► Ds Nelis Janse van Rensburg is moderator van die NG Kerk.

ons die liggaam moet betrek

Dalk moet ons juis in hierdie grensdelyd meer aandag gee aan liggaamlikheid. Digitale rituele, en daarom sal ek argumenteer digitale eredienste ook, benodig beide 'n aanlyn- en aflyn-element. Die ideaal, volgens Martin Hoondert en Suzanne van der Beek (*Ritual in a digital society*, 2019) is om 'n balans, of eerder 'n nexus soos hulle daarna verwys, te ontdek en aan te moedig. Hoondert en Van der Beek gebruik die voorbeeld van 'n selfie wat op sosiale media gedeel word. Jy staan eerstens voor die kamera (in lewende lywe) waarin 'n aflyn-oomblik vasgevang

word. Daarna deel jy hierdie aflyn-oomblik aanlyn. Jou liggaam was dus aflyn betrokke met die neem van die foto, maar jou liggaam word ook in die virtuele ruimte betrek deur die foto te plaas op sosiale media. Miskien fokus ons op hierdie stadium té veel op net die aanlyn-liggaamlikheid tydens die digitale erediens: passief luister, klik op die skerm, saam gesels in 'n kletsamer of selfs video-gesprekke. Alles goed en wel, maar hoe kan ons die Liggaam by die huis aflyn betrek?

As liturg kan ons in hierdie tyd doelbewus aflyn-liggaamlikheid fasiliteer:

Oorweeg e-nagmaal, doopherrinnering, draai na mekaar en gesels met mekaar oor 'n onderwerp, groet mekaar met die vredesgroet by die huis, steek 'n kers aan, bid saam met mekaar, hou mekaar se hande vas as ons saam bid, ens. Digitale eredienste wat liggaamlikheid in hierdie tyd herontdek kan nuwe asem in ons verarmde liturgieë blaas. Hopelik nie net vir nou nie, maar ook vir wanneer ons weer in die kerkgebou bymekaar kom.

Gemeentes wat in elk geval wil aangaan met lewendige uitsendings sal weer 'n nuwe manier van aan- en aflyn-

liggaamlikheid in ag moet neem. Ons sal ook moet oorweeg om die belangrikheid van die Liggaam se liggaamlike teenwoordigheid aan ons lidmate te kommunikeer, want sommige mag dalk net in die toekoms te gemaklik en snoesig by die huis wil bly.

Mag ons nooit hoef te sê "lank, lank gelede het mense eredienste in 'n kerkgebou bygewoon" nie. En mag ons die behoefte van lidmate, om in hulle eie liggaam te voel dat hulle deel is van die Liggaam, met erns benader.

► Ds Anandie Greyling is predikant by die NG Doornkloof.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Waar deernis, liefde is, dáár is die Here

Anoniem skryf:

Vir my het die kerk se “lockdown” elf jaar gelede begin een helder maanligaand toe ek van die hospitaal af terugry. Die woord “kanker” het ongenooi in elke skadu van ons pastorietuin kom skuil. My man, die dominee, gediagnoseer met fase 4 kanker ... In die harwar en hartseer van so 'n diagnose het ek naartstigtelik en instinktief gegryp en myself getroos met die kerk, sý kerk, die kerk wat hy jare lank getrou en met groot integriteit bedien het met die genadewoorde van die evangelie. Natuurlik sal sy ouderlinge in 'n kring om hom kom staan, hulle sal aan hom raak en vir hom bid, sy kollega sal aan sy deur klop, tydens uitmergende chemosessies sal 'n kollega of 'n ouderling saggies langs sy bed kom sit, 'n psalm lees, 'n mede-predikantsvrou sal bel en vra hoe dit gaan. Dalk sal iemand sy onseker tweedejaar-studentekind op Stellenbosch bel en moed inpraat. Die kommissie, die dagbestuur sal verstaan en met genade werk ...

Soos die dae en maande verby gegaan het, nog bestralingsessies, chemosessies, ingrypende operasies, het die kerk se deur vir my nog net op 'n klein, klein skrefie oopgestaan. Iets in my het bly hoop, bly glo, maar algaande het ek ietsie meer van Jesaja se woorde leer verstaan: “Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai.” Daar was nie 'n klop aan die deur nie, nie 'n sagte gebed van 'n kollega nie, ouderlinge het nie kringetjie kom staan nie. In die chemokamer op die dorp het ek gesien hoe ander kerke se lidmate en predikante kom bid, kom hande vashou, kom moed inpraat, kom sing ...

Die algehele isolasie van so 'n siekte, veral as dit die naam “kanker” het, is soms net so ondraaglik soos die siekte en lyding self, en des te meer as hierdie isolasie plaasvind binne die hart van die

kerk. Bemoedigende woorde in so 'n tyd is soos sagte reën, dit bring 'n bietjie hoop, veral as dit net doodgewoon en met menslike opregtheid uitgespreek word, die sieke en sy naasbestaendes dórs daarna. Ek het self die laaste skrefie van dié kerkdeur toegestoot, ophou wag vir 'n kollega, nie meer geworstel met nog 'n genadelose kommissiebesluit nie ...

Die sagte reën van God se genade het wel gekom – vanaf mense en plekke buite die kerk – 'n man met die naam Petrus wat kom bloed trek en sagweg moed inpraat, 'n huishulp wat ons getrou bystaan en bemoedig, 'n witkoluitjie wat sy intrek reg voor ons venster kom neem tydens een so 'n chemosessie, 'n getroue hond wat voor die bed bly lê, 'n kind wat uit Stellenbosch bel en troos: “Toemaar, Pappa, jy's net oud ...” Sáám met hom ingeperk deur siekte, oneindige swaarkry en veral meestal ondraaglike pyn, het ek leer wag – nie meer vir die klop aan die deur nie, maar leer wag op die Here, wag dat hy in hierdie één dag één iets sal stuur om hoop te bring – 'n voëltjie se fluit, die roep van 'n visarend, die geritsel van die nagwind voor die kamervenster.

Na sy dood, is ek steeds hartseer dat ek, en veral hy, in 'n tyd van algehele isolasie van sy siekte, nie troos kon vind binne die kerkstrukture nie. Tog is ek vir goed verlos van die “tradisie-enkommissie-kerk” waar deernis soms nie veel van 'n prioriteit is nie. Dit is nie 'n kerk waarvan ek deel wil wees nie. Want daar waar deernis is en liefde, dáár is die Here, dáár is die nuwe kerk, daar staan die deure wawyd oop. Die ander deure kan maar stewig toe bly, vir goed vasgegrendel bly, want agter hulle, so het ek geleer, selfs binne die hart van die kerk, is daar die muwwe reuk van ou kerkbanke.

► *Die skrywer se identiteit is aan Kerkbode bekend en op versoek weerhou. – Red.*

Reaksie op brief oor formulier

Ds Heerden van Niekerk, voorsitter van ATLAS, skryf:

Dr Henrietta Klaasing rig in *Kerkbode*, 7 Julie 2020, die volgende vrae aan ATLAS oor punt 10 van die AS 2019-besluit betreffende selfdegeslagverbintenis: *Gaan ATLAS verantwoordelikheid aanvaar vir punt 10, wat indruis teen dit wat die Bybel leer aangaande die huwelik en wat tans as formuliere beskou word in die NG Kerk? Hoe kan die beoogde verbintenis kerklike instellings wees? Hoe gaan dit Bybels gefundeer word?*

Die Algemene Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake (ATLAS) reageer soos volg:

AS 2019 het naas die opdrag om 'n formulier vir die bevestiging van burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag te ontwikkel (punt 10) ook 'n verdere opdrag (punt 12) aan ATLAS gegee, te wete:

Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

ATLAS het reeds werkgroepe versoek om uitvoering te gee aan die opdragte van AS 2019 betreffende selfdegeslagverbintenis.

Dr Klaasing beredeneer in haar skrywe 'n Bybelse fundering van die huwelik en stel op basis daarvan vrae oor die ontwikkeling van 'n formulier vir die bevestiging van burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag. Die vrae wat dr Klaasing stel, hou regstreeks verband met die opdragte (punte 10 en 12) wat AS 2019 aan ATLAS gegee het. Gevolglik het ATLAS besluit om dr Klaasing se skrywe na die aangewese werkgroepe te verwys. Die verslag van die werkgroepe sal ooreenkomstig die versoek van AS 2019 by die volgende sinode dien.

Is ons slawe van die geskiedenis?

Pieter Cloete van Durbanville skryf:

Ek verwys na prof JJ (Dons) Kritzinger se artikel “Evangelie moet deurdring tot diepe rassisme” in *Kerkbode* van 17 Julie 2020.

Hy haak duidelik vas by die verlede. Die onreg van apartheid is nie die geskilpunt nie, maar wel sy beoordeling van die wêreld waarin ons nou lewe. Hy plaas sy fokus op die VSA waaroor daar alternatiewe interpretasies, ook uit die kerke, bestaan, terwyl hy vir ons probeer wysmaak dat rassisme hier by ons dié groot probleem is. Ongelykheid is vir hom per definisie rassisme.

Daar is inderdaad groot probleme met armoede as die oorsaak van ongelikheid. Armoede is 'n komplekse probleem waarvoor werkgeleentheid die kern van 'n volhoubare oplossing is. Dit is egter nie moontlik solank die regering van die dag beleidsrigtings volg wat die ekonomie stelselmatig vernietig en die land in die afgrond in bestuur nie. Hy gaan nie ver kom met sy vingerwysende houding teenoor mense wat van hom verskil nie, wat medegelowiges insluit, en deur hulle aan te maan dat hulle, ten spyte van volgehoue verguising en diskriminasie teen hulle, verantwoordelikheid vir oorgeërfde rassisme moet neem.

Die neo-Marxistiese verstaan van die samelewing, soos kritiese rasteorieë en interseksionaliteit, lê ten grondslag van ons huidige sosio-politieke en intellektuele klimaat en vind neerslag in teologiese diskoers, soos ook in prof Kritzinger se betoog. Wat hierdie teorieë deel, is die beweerde rassisme wat

aangespreek moet word deur die aanvaarding van kollektiewe bevoorregting van lank terug as oorsaak vir alle huidige onreg en ongelikheid. Vir hom is witmense kollektief skuldig en die res is slagoffers, ongeag. Die populariteit van hierdie idees bewys maar net die impak van propaganda, hoewel dit ook bepaal hoe die begrip “versoening” verstaan word. Dit kontrasteer met 'n politiek korrekte stilswye van die kerk en teoloë oor die nuwe vorme van onreg, dubbele standaarde in die regspraak, diskriminasie, gebrek aan aanspreeklikheid van die regering vir totalitarisme, huidige wanbestuur, geweld en korrupsie en wat dit aan mense in ons land doen.

Die fokus op die apartheidsera skakel werklike insig oor wat tans aan die gebeur is, uit. Wat prof Kritzinger skynbaar nie verstaan nie, is die universele aard van ongelikheid regoor die wêreld en stratifikasie in alle lande. Waar plaas hy byvoorbeeld welgestelde en middelklasmense van die nie-wit groepe? Is hulle nie medeverantwoordelik nie? Wat hy ook nie oorweeg nie, is dat die Black Lives Matter-beweging in sy kern 'n anti-wit rasse-agenda het, terreur goedpraat en bedryf, kulties is, geen teëspraak duld en vyandig is teenoor die Christendom en Christelike norme.

Die ou rassistiese idee dat biologie ons lot bepaal is vervang met die nuwe ideologie dat dit die geskiedenis is wat ons karakter en uitkyk vorm. Die ou rassiste het die mensdom deur biologie gevange geneem; die nuwe rassiste maak ons slawe van die geskiedenis.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252

Intekenare/gemeentenavrae:

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper:

Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser:

Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 023 342 6030; sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Op die baan wat hulle oopgemaak het: Vrouepioniers in die Afrikaanse kerke

TANYA VAN WYK

“Dominee, sy wil predikant word.” Ek onthou dit soos gister. Ons gemeentepredikant het kom huisbesoek doen. Die tee en koekies het reggestaan op die koffietafel. Toe maak my ouma trots hierdie aankondiging oor haar kleindogter. En toe volg die ongemaklike stilte. Ek het afgagtend tussen sy stoel en die *wall unit* gestaan, toe die dominee vir my ouma sê: “Uh ... nee, Tannie ... dit is nie nou die regte tyd nie”. Dit was 1997. Ek was 16 jaar oud. Dit was 17 jaar nadat die Hervormde Kerk (NHK) vroue tot die amp van predikant toegelaat het. In die *wall unit* aan my regterkant was die televisie, waarop ek nou en dan vir Yolanda Dreyer gesien het as sy die destydse SAUK se godsdiensprogramme aangebied het. Sy het in 1975 aangemeld vir teologiese studie en is in 1981 as predikant georden – die eerste vrouepredikant in die Afrikaanse kerke. 1981 is die jaar waarin ek gebore is. En daar langs die televisie waarop ek na die Hervormde Kerk se eerste vrouepredikant gekyk het, hoor ek die tyd is nie reg vir ’n vrou om in die Hervormde Kerk ’n predikant te word nie.

Op ’n Sondag na die ere-diens, kort na hierdie episode daar in my ma se sitkamer, beleef ek my roeping weer sterk – en onthou die dominee se woorde. Ek begin dink aan wat anders ek sou kon doen met my lewe. Ek wou altyd skryf – spesifiek joernalistiek – veral nadat ek die skoolkoerant se hoofredakteur geword het en ’n *Beeld*-skryfskool bygewoon het. Ek wou ook klasgee. Op daardie stadium was daardie twee opsies ewe onmoontlik – my enkelouer-ma sou niks van daardie tipe opleiding kon bekostig nie. Maar die lewe is ’n interessante plek. Vandag doen ek al drie daardie dinge wat destyds onmoontlik gelyk het: Ek is ’n geordende predikant van die Hervormde Kerk, ek gee klas aan die universiteit en ek skryf.

Die grootsheid van hoe hierdie verhaal ontvou het na die predikant se lafhartige opmerking destyds, is daarin te vinde dat ek in staat is om te doen wat ek nou doen omdat vroue die *baan* vir my oopgemaak het: Hulle het as voorbeelde en mentors gedien omdat hulle aangetoon het hoe om voet by stuk te hou. En hulle het die pad letterlik oopgemaak. Ek is lid van ’n Nederlandsspekende gemeente in Johannesburg, en daar het ek geleer die woord “baan” beteken in Nederlands “beroe” en dus letterlik die *arbeidsweg* wat jy vir jouself kies.

Daarom vind ek dit baie toepaslik om te praat van die wyse waarop my *baan* vir my oopgemaak is, want soveel vroue het as pioniers in die Afrikaanse kerke baanbrekerswerk gedoen. Hulle het geslote en afgemete bane oopgebreek, paaie gebou waar daar geen paaie was nie en in die meeste gevalle ’n toekoms versinnebeeld waarvoor die spreekwoordelike boumateriale nog nie bestaan het nie. Hierdie vroue moes buitengewoon hard werk om ’n pad oop te maak in ’n ruimte waartoe hulle geroep was, maar nie toegelaat is nie. My verhaal – my baan – is met hulle s’n vervleg. En so ook ’n groot gedeelte van my klasmaats se “bane”. In my jaargroep het vier vroue saam met my begin in 2002 en ons al vyf het tegelyk in die mini-

mumtydperk ons studies voltooi, terwyl die ander deel van die klas *musical chairs* gespeel het ten opsigte van hulle studiejare.

Dit is hierdie jaar 30 jaar gelede wat die Algemene Sinode van die NG Kerk vroue tot die amp van predikant toegelaat het. Hierdie hele proses is beskryf in die proefskrif van Elsje Büchner: “*Ek het ’n roeping*”: *Vrouepredikante se toelating in die Nederduitse Gereformeerde Kerk* (2007). Sy was ’n baanbreker in hierdie opsig. In 2019 was dit 40 jaar gelede wat die Hervormde Kerk se Algemene Kerkvergadering in 1979 ’n meerderheidstandpunt gehad het dat vroue volledig deel van die kerk is en derhalwe volledig met hulle gawes en talente in God se diens kan werk. Dertig en veertig jaar is ’n lang tydperk waartydens daar teen ’n slakkepas vir vroue ruimte gemaak word en vroue se bydraes erken word en miskien hier en daar selfs as vanselfsprekend aanvaar word. Ek en my klasmaats en talle ander vrouepredikante en teologiestudente wat sedert daardie besluite geneem is, ons onderskeie bane aangedurf het, kon dit net doen as gevolg van ’n paar vroue wat oor ’n paar dekades stadig maar seker, met volgehoue vasberadenheid, die sement tussen die bakstene van die patriargale muur losgewikkel het. Elkeen van hulle het op ’n unieke manier hulle weg gevind met die ontsluiting van hierdie baan en daarom is ons verhale met hulle s’n vervleg:

- Sarah-Jane Wessels, wat ná die voltooiing van haar studies nie saam met haar klasmaats gelegitimeer kon word nie omdat sy volgens die kerkreg te oud was om predikant te word en Estie Visagie, gelegitimeer in 1991, 35 jaar nadat sy haar studies voltooi het;
- Dina Joubert, die eerste vrou om in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag as kapelaan aangestel te word;
- Greta Heymans, die eerste vrou wat in die NG Kerk as predikant bevestig is in 1995, Ronell Bezuidenhout wat in 1998 bevestig is en die res van die “klas van ’95”: Carin van Schalkwyk, Anine van Velden, Hantie Kotze, Judith Kotze en Rachel Baard.
- Elna Mouton, die eerste voltydse vrouedoseant en later eerste vroulike dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch;
- Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel, die eerste vrou wat in die voormalige NG Sendingkerk as predikant georden is en die eerste vrou wat verkies is tot moderator van die VGKSA;
- Yolanda Dreyer, wat in die jaar 2000 die eerste vroulike doseant aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria geword het;
- Elsabe Kloppers, eerste vrouepredikant in die Afrikaanse kerke wat ’n doktorsgraad in Teologie behaal het;
- Christina Landman, wat ten spyte van die boodskap, “Vroue studeer nie hier nie”, tog voortgegaan het en in 1978 het sy dit reggekry by Unisa. 28 jaar nadat sy haar BA voltooi het, is sy beroep en bevestig in die VGK in die gemeente Dullstroom;
- En Elize Morkel, wat net aangehou het om baanbrekerswerk op ander terreine te verrig ten spyte van ’n baan wat haar ontsê is.

Daar is nog talle ander vrouebaanbrekers en hulle verhale moet vertel word. Hooplik kan ons nageslag ’n narratief (geskiedenis) aanhoor wat hierdie reusebydraes erken en herdenk.

► Dr Tanya van Wyk is senior lektor in Sistematiese Teologie en Christelike Etiek aan die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van Pretoria en ’n geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK).

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



'Mag ons krag en moed vind'

Die versoeking met 'n mylpaal soos die een wat ons in hierdie uitgawe bespreek – 30 jaar van vroue in die amp – is dat 'n mens nalaat om vorentoe te kyk. En te droom. *Kerkbode* het vier leraars uitgenooi om presies dit te doen.

'Ons volg, Here'

MARLIZE MALHERBE

“**E**k is nou regtig óór hierdie Korona-virus!” sê 'n tiener. Ai, as dit maar so maklik was! Maar helaas ... dit gaan duidelik nie so eenvoudig wees nie. Wat die virus en die hele inperking in my en dalk baie ander se monderings kom uitwys het, is die feit dat ons toe nou nie só in beheer is as wat ons gedink, geglo en gehoop het nie. Ook nie die kerk nie! In die jaar wat ons die 30ste herdenking vier vandat die vrou in die amp toegelaat is, is dit egter ook die jaar wat ons op allerhande vlakke uitgedaag word om núut en uit die spreekwoordelike boks te dink – of jy nou wou of nie!

So, wanneer daar gevra word oor hoe die kerk oor 30 jaar van nou af gaan lyk, het ek nie die vaagste benul nie! Maar ek dink wel ons het mans en vroue as leiers in die kerk nodig wat kans sien (en dalk belangriker – lus is!), om anders te kyk en te dink, nuut te beplan, praat en doen en só die volgende 30 jaar storm te loop.

Daarom droom en bid ek van 'n NG Kerk waar:

- Mans én vroue hulle Godgegewe roeping, talente en gawes (predikante, ouderlinge, diakens, gemeentelede) op alle plekke ten volle sal kan uitleef sonder vrees of angstigheid.
- Eerlike(r) gesprekke oor moeilike sake, selfs seer 'topics' rondom ronde tafels sal plaasvind. Waar mense met mekaar in liefde sal praat, respekvol na mekaar sal luister om te hóór ... en nie om te veroordeel of selfs antwoorde te gee nie. Waar beide partye bereid is om jammer te sê en saám as 'n span die onseker pad vorentoe aanpak.
- Ons mekaar se integriteit sal beskerm en mekaar sal vertrou – dit vat *guts*.
- Ons gedurig op soek sal wees na dinge wat ons aan mekaar bind en nie net kyk wat ons van mekaar skei en weg hou van mekaar nie.
- Ons die magswaarde sal neerlê en ons diensvoorskote sal aantrek ...
- Ons meer oor “ons” sal praat as oor “hulle”.
- Ons sal besef ons het mekaar nodig – regtig nodig om nie net te oorleef nie, maar om te kan groei en te floreer.
- Waar ons nie #-hashtags op mekaar

plak en waar nie net “black lives matter” nie, maar “all lives matter”.

Gaan my drome en gebed waar word? Ek weet nie. Maar wat ek wél weet is dat Gód 'n plan en droom vir sy kerk het – en dit is genoeg vir my.

Mag ek en jy in die volgende 30 jaar, omring deur onsekerhede, ons monderings wat al hoe meer duike in kry en waar ons aanhoudend “buite beheer” gaan voel, al hoe sekerder raak in die EEN IN WIE ONS GLO!

Mag ons ons krag en moed vind in die bekende woorde van Andrew Murray (*Absolute surrender*): “God has a plan for his Church upon earth. But alas! We too often make our plan, and we think that we know what ought to be done. We ask God first to bless our feeble efforts, instead of absolutely refusing to go unless God go before us.” Gaan voor ons uit, Here! Ons volg ...

► *Ds Marlize Malherbe is leraar by NG gemeente Richardsbaai.*

Ons godsbeelde moet verruim

CARIN VAN SCHALKWYK

Sisteme skuif nie oornag nie – dit vra dat almal sal inkoop om ongemaklike gesprekke te voer.

Hierdie opdrag het my nogal diep laat nadink: Van watter kerk droom ek? Hoe moet die kerk lyk oor dertig jaar, nie net vir vroue nie, maar vir almal? 'n Mens kan maklik in die strik trap om daarop te hoop dat daar iewers 'n towerstaf geswaai gaan word en dat alles veilig en idillies gaan wees. Ek is egter meer nugter in my benadering.

Dertig jaar gelede was dit verskriklik moeilik vir vroue om beroepe na gemeentes te kry. Hulle name is van kortlyste verwyder, want hulle kan nie alleen huisbesoek by mans doen nie, hulle kan nie alleen op plaaspaaië ry nie en wat gebeur as hulle swanger raak en kinders kry? 'n Mens sou wou glo en hoop dat dit nie meer vandag die geval is nie. Dit is egter nie waar nie. Hierdie redes word steeds aangevoer om vroue uit te sluit.

Die eerste prys vir my sal dus wees dat ons oor dertig jaar nie meer hierdie redes moet aanhoor oor hoekom vroue uitgesluit word nie. Ek is egter bevrees dat dit nie sommer sal gebeur nie. As

daar nie 'n skuif in die loop van dertig jaar oor hierdie saak gekom het nie, sal dit ook nie in die volgende dertig jaar gebeur nie. Sisteemteorie leer ons dat 'n stelsel nie sommer verander of skuif nie. Die teendeel is eerder die geval:

Hoe meer die stelsel bedreig voel, hoe meer is die stelsel geneig om verdedigingsmeganismes in plek te plaas en die status quo te beskerm.

Die stelsel waarvan hier gepraat word is patriargie. Of ons dit wil weet of



nie, die kerk is ten diepste 'n patriargale stelsel. Die stelsel word in plek gehou met patriargale godsbeelde en interpretasies van die Skrif. Dit is nie iets wat oornag geskuif word nie, want dit is in ons almal se DNS ingeprent. Indien ons enigins kan hoop op 'n beter toekoms vir vroue in die bediening, is daar 'n diepgaande gesprek nodig oor die invloed van patriargie op ons denke, daad en oor hoe ons die Skrif lees en verstaan.

Dit is ook nodig dat daar ernstig gekyk sal moet word oor ons metaforiese spreke oor God. Dit is hierdie spreke oor God wat ons godsbeelde vestig en definieer. Hierdie godsbeelde help tans om die patriargie in stand te hou. Dit is nodig dat ons godsbeel-

de moet verruim en onderbenutte metafore oor God uit die Bybel meer moet benut en gebruik tot 'n meer veelvuldige verstaan van God.

Binne hierdie gesprek sal daar fyn geluister moet word na groepe se stemme wat tot nou toe nie gehoor is nie – dit sluit nie net vroue in nie, maar alle groepe wat tot nou toe uitgesluit is om welke rede ookal. Dit gaan van die ooms en tannies in die kerk wat vasgevang is in patriargie vra om dapper te wees en om hulle oop te stel vir eerlike gesprek. Dit gaan vra dat mag gedeel word en dat ons oop moet wees om deur God verras te word om nuwe metafore oor God te ontdek.

Mag ons in die komende 30 jaar dapper genoeg wees om hierdie gesprek

met mekaar op 'n luisterende manier te voer.

► *Dr Carin van Schalkwyk is predikant op Philippolis en skriba van die NG Kerk in die Vrystaat.*

Beter, nie bitter

NORMA ROSSOUW

Ek deel vandag 'n stukkie van my hart. In 1996 op pad na die PUK om 'n rekenmeester te word, het die Here my planne radikaal verander. Van die politiek van vroue in die kerk, het ek maar bitter min geweet, van hulle stryd nog minder. Al wat ek geweet het, is dat die Here my roep om as vrou in die bediening te staan. En elke dag is dit waaraan ek steeds vashou, dat die Here van sy kerk my geroep het om Hom te dien wanneer en waar Hy my ookal stuur.

So stap ek in by die Fakulteit met baie vrae en ek loop my vas in prof Fika van Rensburg. Daardie dag het ek besef dat God se geskenk vir die kerk, sy Woord en sy mense is en ek glo dat dit ook vir die volgende 30 jaar in die NG Kerk waar sal wees. In my studies en bediening het die Here vir my wonderlike vriende gegee, saam met wie ek kon lag en huil, saam kon bid en saam kon worstel en ek glo dat een van die grootste uitdagings vir die toekoms van die kerk sal wees dat ons nie in "gender" teen mekaar sal opstaan nie, maar dat ons saam met mekaar sal kan hande vat en die kerk en die wêreld kan bedien met die evangelie en liefde.

Ek dink dat een van die grootste uitdagings nou en in die nabye toekoms die verskillende teologiese strominge in die NG Kerk is, hoe ons die Bybel vertaal en verstaan en watter gesag die Bybel in ons lewe en in ons gemeentes het. Hoe die gesprekke gevoer word en wat die uiteinde gaan wees gaan na my mening die impak en die gesag van die NG Kerk in ons land bepaal.

Een van die belangrikste rigtinggevers as ons nog kerk wil wees vir die volgende 30 jaar is dat Jesus die Hoof en die Here van sy kerk is en dat Hy omdat Hy die Koning is sy kerk regeer deur sy Woord en Gees. Daarom is dit so belangrik dat ons leiers in die kerk met integriteit, vertrouenswaardigheid en die waarheid sal lei.

Ek dink ook vir die kerk om vir nog 30 jaar ons land te bedien, gaan veral leiers onder mekaar, maar ook lidmate, moet leer om te vergewe, selfs as jy ver-raai, verloën en seergemaak is. Soveel keer sien ons hoe bitterheid en ongewin-sgesindheid mense versmoor sodat hulle die volheid van die bediening heeltemal kan mis. Dit maak dat die kerk vasval in die verlede en as slagof-fers en verontregtes vorentoe probeer beur. Deur Jesus se kruisdood en op-standing is ons vrygemaak.

Kom ons maak ons los van wat agter is en strek ons uit na wat voor ons is. 'n

Kerk wat bekend staan as Vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Daar is die gesegde wat sê: "Let your past make you better and not bitter". Mag die verlede ons help na 'n mooier toekoms in die NG Kerk.

► *Ds Norma Rossouw is leraar by die NG Kerk Vaalrivier in Vanderbijlpark en 'n voormalige moderator van Sinode Goud-land.*

'Ek is dominee. Punt'

ANGELIQUE GHALL

Ek droom oor 'n kerk waar vroue-predikante nie as vrouepredikante gesien word nie, maar as volwaardige predikante. As mense, wat predikante is, in hulle eie reg.

Ek is opnuut aan die ongelykheid, wat steeds onder predikante in die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA) en waar ek bedien, herinner toe daar 'n ou onderhoud van prof Mary-Anne Platjies-van Huffel met haar afsterwe in Mei vanjaar uitgesaai is. Sy het in die onderhoud, wat oorspronklik in 2015 opgeneem en uitgesaai is, gesê dat die teologie rondom vroue in die bediening nog verskuif moet word. Hoewel 'n mens in die jonger generasie se manlike predikante, wat gewoon is aan vroue wat saam met hulle studeer, meer van 'n openheid oor vroue in die amp sien, is dit nog glad nie die geval by ouer manlike predikante nie. By die ouer predikante moet daar nog 'n teologiese verskuiwing kom waar hulle nie vrouekollegas sien as mense wat hulle moet beskerm of as vaderfigure voor moet optree nie. Hulle moet besef dat ons vroulike kollegas ons werk net so goed kan doen soos mans dit doen.

As vrou in die bediening moet jy heelyd aan lidmate bewys dat jy net so goed is soos jou manlike kollegas. Jy moet bewys dat jy objektief kan optree en dat jy 'n vergadering soos 'n man kan bestuur. Jy moet bewys dat jy keuses en leiding soos 'n man kan gee. Dit is so moeilik. Ek is 'n vrou en ek hoef nie 'n predikant te wees soos 'n man nie. Ek kom met my eie unieke manier van dinge doen en nie omdat ek 'n vrou is nie, maar omdat ek in my menswees anders is. Mense verskil van mens tot mens.

My grootste droom is dat 'n vrou haar regte plek in die bediening sal inneem en dat daar weg beweeg kan word van die term "vrouedominee". Ek is 'n dominee. Punt. Stop. Klaar. My geslag het niks te doen met die amp wat ek vul nie. My geslag het niks te doen met my roeping nie. Ek droom oor 'n dag wat ons as vroue gemaklik in die roeping wat God vir ons gegee het, kan loop. Ons hoef nie terug te staan nie.

► *Ds Angelique Ghall is leraar by VGKSA Vanrhynsdorp.*



Le Roux Schoeman gesels met Charlene van der Walt

Die prof in die ongemakstoel

Twee goed gebeur tydens 'n onderhoud via webkamera en Zoom. Dit dwing jou eerstens om 'n bietjie minder te sien. Stroop die gesprek van die tipe konteks wat nuuskierige mense nodig ag: Is dit vanoggend koel daar in die Natalse Middellande? Hoe ver is hierdie huis waarbinne ons die spreker aantref van Howick se bekende waterval? Hoe oud is daai hond wat op die agtergrond blaf? Hoe lyk die uitsig buite die venster agter die spreker se linkerskouer? Wat is die uitsig wat jou gespreksgenoot sou sien wanneer sy ná hierdie uurlange sitsessie – praatsessie – miskien sal opstaan en dalk vir 'n oomblik by haarself mag wonder: Wat op aarde gaan die *Kerkbode*-joernalis van al hierdie konsepte, staaltjies en mededelings maak? Gaan hy reg laat geskied aan my binnelewe as student in die laat negentigs aan die kweekskool op Stellenbosch? Wat hoor hy as ek sê ek is toe vort na Nederland net om terug te keer en toe vir vyf jaar as gemeentepredikant op Grahamstad te gaan werk? Weet hy hoe uitputtend maar opwindend – transformerend dalk – dit was toe ek in 'n soort drieliukbediening beland het tussen gemeenskapskerk (Maitland), navorsing by Inclusive & Affirming Ministries (IAM) en as akademikus aan my alma mater besig om M-studente te help dink oor gender en godsdiens? Kon hy hoor dat ek in 2017 KwaZulu-Natal toe geskuif het vir die “vibrancy” van die akademiese en godsdienstige omgewing en om te kan journey met studente uit Kenia, Uganda; vir breër gesprek?

Dit mag jou gespreksgenoot alles staan en wonder terwyl sy moontlik 'n hond se kop streel en moontlik na die Howick-waterval staar. Of dalk nie. Zoom weerhou die antwoorde op hierdie vrae van ons.

Meer nog, dink sy dalk: As 'n mens Foucault aanhaal, hoe “land” dit deesdae by 'n middeljarige manlike joernalis en hoe land dit dan by lesers van hierdie koerant namens wie hy my nou wil uitvra oor die hemelbreë onderwerp van vroue in die bediening? Foucault met sy filosofie oor ontwinging van diskoers. Die Franse filosoof wie se denke ons gespreksgenoot help lei het tot die punt dat daar 'n taboewoord in haar klasse is. Wanneer hierdie mede-prof opstaan voor haar meestal nagraadse UKZN-studente, moet jy liefs nie hierdie een gebruik nie: Normaal. “Foucault het gesê wat ons as normaal en stabiel en onbevreagtekenbaar ag, is bloot konstruksies. En die klassieke vraag hierop is, is dit die waarheid vir almal? Is dit almal se realiteit? Dit roer die water waarin ons swem.”

Aan die woord is Charlene van der

Walt. Wawydwakker oë agter 'n opvallende bril. 'n Engelse dagblad sou haar voorkoms stellig “owlish” noem.

En daar is 'n tweede ding wat 'n onderhoud via webkamera en Zoom doen: Dit laat jou toe om 'n bietjie meer te sien. Huiwering voel nader. Maar ook selfvertroue en oortuiging is meer voorop wanneer 'n mens iemand so gerekenaarraam onder vier oë neem, dan nie?

Van der Walt is iemand wat die juiste woord soek, of dit nou Engels is of Afrikaans. “My day job is om 'n program oor gender en religie te manage, wat interessant is nou, jy weet, met die gender within the pandemic ... gender-based violence, weerlose bevolkingsgroepe. Dis 'n groot navorsingsarea vir ons.”

Oorspronklik van Johannesburg. Pa gewerk by Eskom, ma betrokke by skool en kerk. 'n Paar wenkbroue het gelig toe sy die nuus breek dat sy gaan teologie studeer en, synde die eerste in haar familie om 'n graad te vang, het sy vergoed daarvoor deur 'n hele paar te vang. Haar navorsingsgebied: Contextual and Intercultural Bible Reading, Feminist and Queer Interpretation of the Bible, Intersection Gender, Health and Theology, Sexuality and Queer Studies.

Sy's pretensieloos oor haar profskap, veral met die akademiese jaar “in limbo”, soos sy dit beskryf, weens Covid-19. “Gewoonlik voel jy asof jou werk is om inhoud aan mense oor te dra.” Nou moet sy meer langs haar studente loop en saam met hulle probeer sin maak van wat aan die hand is, vertel sy, en lag. “In die akademie verwag mense mos dat jy die antwoord het op goed. Dis die punt. Dis hoekom jy 'n professor is. En tans is dit eintlik 'n beautiful tyd waar jy kan sê, just like everyone else I don't know.”

Haar studente is dikwels ouer. Dominees, veral Metodiste, maar ook mense wat in die NGO-landskap werk, of sielkundiges. Sy stel dit so: “Dis mense wat sê, jô, ek kom agter as 'n mens gender en sexuality navigate is religion nogal 'n groot component. Practitioners voel hulle kan nie regtig mense help as hulle nie gedink het oor religion nie.”

So waarmee help hierdie oud-gemeentedominee sielkundiges? Twee goed, blyk dit: Om mense te help om

taal en woordeskat te ontwikkel om te praat oor issues soos gender, seksualiteit, religion, culture. En tweedens om mense so 'n klein bietjie te help om vaardighede te kry om sistemiese realiteite te analiseer.

“Dit help nie om te dink in my gemeente is daar hierdie gesin ... ek meen dis belangrik om te dink in my gemeente is daar hierdie gesin en geslagsgebaseerde geweld vind hier plaas en hoe kom is



dit die geval, maar daar is 'n klomp sisteme wat daardie goed in stand hou: patriargie en heteronormatiewiteit en daardie goeters en hoe kom ons uit by daardie realiteite wat hierdie goed onderlê?” Dit is soms einste godsdiens wat hierdie goed in die hand werk, meen sy. “It props it up.”

So hoe sien sy haar rol?

“Die groot shift wat ons probeer maak, is om meer holisties te dink oor seks, seksualiteit en gender. Die valse teenstelling wat tussen liggaam en siel ontwikkel is. Van der Walt sê dit sluit aan by “classic feminist understanding” wat sê: “Kom ons verander die rigting van die gesprek en ons begin by die beliggende realiteite van mense in bepaalde kontekste. Ons sê OK, ons kom sê nie vir jou watter intervensies moet plaasvind in jou konteks nie, ons kom luister in die eerste plek na jou.” Haar refrain is: Just slow down your judgement.

Dit is amper 'n filosofie of teologie selfs van hokaai, stadig oor die klipers wat 'n mens by haar hoor. Sy probeer wrywing skep op die glyplank van See-Judge-Act wat sy meen ook in die NG Kerk dikwels baie glad gebaan is. Haar betoog: “Bou net 'n pouse in voor jy begin antwoorde gee. Kom ons probeer 'n thick description kry van

wat werklik aangaan.”

Makliker gesê as gedaan, vertel sy op innemende wyse aan die hand van foute wat sy al self begaan het. In 'n poging om “survivors” van geslagsgebaseerde geweld in te sluit by 'n onlangse konferensie, het hulle inderwaarheid die teenoorgestelde reggekry en moes deeglik daarvan hoor. Die survivors se punt was: Hulle moet kom om hulle “pain te perform” sodat die res kan voel wat aangaan, maar dan doen die groep nog steeds wat hulle goed dink. Dit was 'n les wat Van der Walt ter harte geneem het.

“Op 'n meer beliggende manier voel ek dieselfde oor seksuele diversiteit. Ek dink die kerk invite ons nog elke keer en sê, ok boys, kom sê vir ons hoe dink julle oor die goed en dan draai hulle om en hou 'n private party om te dink oor wat hulle nou gaan implementeer. Ek melk jou vir jou ervaring, maar jy is nie eintlik included in die conversation nie. Ek dink daai proses, van hoe ervaring infeed in die bedryf van ons teologie of akademiese proses – moet gebeur.”


Ons is, uiteraard, terug by Foucault. “Ek gaan nie opdaag by die tafel nie, want dit is steeds 'n tafel wat deur jou gedek word. Ek moet deel wees van die dek en nooi.”

Waar dit mag klink na 'n houding van voorwaardelikheid, hoor 'n mens 'n gretigheid om aan tafel te wees by Van der Walt. 'n Akademikus se geesdrif en verwondering vir die Bybel as – in die woorde van haar kollega prof Gerald West, 'n “site of struggle”. “Die teks praat met verskillende stemme en dit is 'n komplekse interne gesprek. Maar dan wil ons goed wat ons as stabiel beskou, beskerm,” veruidelik sy. Dis is 'n oortuiging wat sy navorsing maar ook as leraar gepreek het. Dit was haar standaard “line” op Grahamstad: “Mense, hierdie teks (die Bybel) is nie vanoggend geskryf en as faks onder die deur geskuif nie. Dit kom uit 'n ander landskap en ons werk is om die waarde van die teks te vertaal na 'n radikaal ander konteks vandag.”

'n Hond blaf in die agtergrond.

Van der Walt praat oor 'n artikel wat sy geskryf het met die titel “Why reading alone is bad for you”. Sy praat oor die belang van kontekstuele lees, wat sê daar is “iets dinamies wat gebeur as ons die Bybel tesame met ander mense lees – juis mense wat anders is as jy. “En bitter min mense steek hand daarvoor op. Ons wil dit doen met mense wat eners is, tee drink en huis toe gaan,” sê sy.

Ek dink aan hoe sy op 'n kol in die gesprek genoem het dat hierdie tipe goed – groepwerk – vir haar as introvert regtig moeilik is. Maar dat sy glo 'n mens moet terugleun; dieper in die ongemak.



Geldsake: Hierdie 'padkaart' wys ook slaggate

God en geld – Bybelse beginsels vir finansiële vryheid

deur Wilco Naumann

Uitgewer: WN Uitgewers, 2019

Resensent: Willem Schoeman

God en geld is 'n boek wat elke Christen wil help om finansiële gesond te wees. Werklike finansiële gesondheid word gemeet aan God se standaarde, nie die wêreld se standaarde nie. Dit vra ook of jou denke oor geld gesond is.

In hierdie boek, wat Wilco Naumann self gepubliseer het, het ek veral drie dinge waardevol gevind:

Die eerste is die waarde wat daar is in

iemand wat sy eie storie vertel. Wilco Naumann het 'n pad met geld geloop wat vir baie mense bekend is. Nie almal is egter so eerlik soos hy oor wat geld aan jou kan doen nie. Hy het grootgeword met 'n armoedige ingesteldheid en het gevolglik geglo dat hy bedoel is om altyd arm te wees. Toe, op 'n dag by 'n rooi verkeerslig, besef hy dit hoef nie so te wees nie. Daarna word hy binne 'n kort tydjie welvarend. In sy welvaart val hy egter vas in die ander moerasse wat die afgod Mammon daarstel, soos om sy eie waarde aan geld te meet en te koop om mense te beïndruk. Dit was nodig vir hom dat sy besigheid nie uitwerk nie om weer daaruit bevry te word.

Dit is tweedens waardevol dat die boek ons konfronteer met hoe ons regtig oor geld dink. Geld kan 'n houvas kry op mense. Dit beïnvloed ons meer as wat ons besef. Naumann beskryf dit as 'n gees wat in papier toegedraai is. Die boek lys 28 eienskappe van geld en 'n mens kan gaan nadink oor elkeen daarvan. Neem byvoorbeeld net twee: Geld is 'n vergrootglas. Hoe meer 'n mens daarvan kry, hoe meer word jy wat jy reeds is. Suinige mense word meer inhalig en vrygewige mense meer vrygewig. Nog 'n eienskap is dat geld misleidend is. Dit laat jou glo jou geestelike lewe is gesond as jy baie geld het, hoewel dit nie noodwendig die geval is nie.

Derdens bied Naumann praktiese riglyne oor hoe om met geld te werk. Dit sluit in die opstel van 'n begroting, hoe om jou inkomste te vermeerder, jou uitgawes te verminder, tiendes en belasting en beplanning vir aftrede. Dit gee ook tien stappe om van skuld ontslae te raak. Ek dink bykans elke Bybelse riglyn oor hoe om met geld te werk, word êrens in die boek vervat.

Enige iemand wat graag finansiële gesond wil wees en wil toesien dat geld die regte plek in hulle lewe inneem, sal die boek nuttig vind.

► *Ds Willem Schoeman is predikant by die NG gemeente Alexandria, Oos-Kaap, met 'n BSc graad in Wiskunde en Statistiek.*

Skrywer kyk na hofspraak, maak oop oor eie reis

Kerk oor die muur of oor die rubicon? Oor geloof, onreg en 'n hofspraak deur Frits Gaum

Uitgewer: Naledi, 2020

Resensent: Johan van den Heever

Frits Gaum, wat diep spore in die NG Kerk getrap het, vra of ons woedend moet wees of moet goed voel oor die NG Kerk. As Skrifgesag die olifant in die vertrek is, kan ons die gesag van die Skrif aanvaar en terselfder tyd 'n duursame, monogame verhouding tussen mense van dieselfde geslag goedkeur? Op hierdie vrae word antwoorde gegee. Dit kulmineer in sy vertelling in hoofstuk 4 – “Met die kerk hof toe?” – oor die nou beroemde hofspraak

van die “12” oor die “gay-kwessie”. Gaum skryf objektief oor die gebeure. Plek-plek tel jy egter sy pyn en teleurstelling oor hoe die saak en die “12” hanteer is, op. Gaum huiwer nie om die name van die betrokke partye te noem nie.

Die boek begin (Hfst 2 – “Kerk op die afgrond?”) deur onder andere die breër agtergrond van die eerste hofsake teen die NG Kerk kursories uit te lig (Loedolff vs Kaapse Kerk, Du Plessis vs NG Kerk en dan die “12” teen die NG Kerk). Hy staan ook kortliks stil by die Woordfees-debakel en Moreletapark.

Die ander hoogtepunt (Hfst 3 – “Glo ons nog so?”) is Geloofsverklaring 2000 wat Gaum herbesoek. Hoewel Gaum nuut dink oor die verklaring, kon hy

hier meer waagmoedig gewees het. Gaum het steeds 'n eng verstaan van God, ten opsigte van ander gelowe en die rol van Christus. Van die ander sake wat hy uitlig, is vandag nog relevant: Hy skryf verhelderend oor die mens en die waarde van lewe wat insluit “genadedood / bystandsdood”, na alle waarskynlikheid die volgende etiese vraagstuk op die kerk se agenda. Gaum dink nou anders oor die huwelik as in 2000 (Veertiende verklaring). Wanneer hy egter oor kinders praat, klink dit vir my te geyk, veral in die lig van oorbevolking: “Wie kinders kan hê, maar doelbewus daarteen besluit, sal wel goed moet nadink oor hulle motiewe.” “Seksualiteit” (Vyftiende verklaring) kan lid-

mate, en predikante, werklik help met die verstaan van die gay-tekste [*my woord*] in die Bybel.

Oor sy eie pad met 'n gay seun in die huis, skryf hy hoe dit op 'n dag aan sy eie deur kom klop het. Jy hoor 'n ouer se hartseer van ontkenning, maar ook die nuwe insig oor tyd heen. Hoofstuk 5 sluit met 'n toekomsblik oor hoe die NG Kerk sou kon lyk. Ek beveel die boek graag aan vir lidmate en leraars. Dit is in 'n gemaklike trant geskryf, bykans verhalend. Lidmate behoort tot 'n nuwe verstaan te kan kom, nie net van die “gay-kwessie” nie, maar ook ander sake wat tans uiters relevant is.

► *Dr Johan van den Heever is predikant by die NG Kerk Rondebosch in Kaapstad.*

Klein venstertjies op God



Ons lewenskippie in God se hand

Ons lewenskippie gaan soms deur storms wat dreig om ons te laat ondergaan. Die Covid-19-pandemie is 'n sprekende voorbeeld.

Paulus moes as gevangene na Rome gaan om voor die keiser te verskyn. Die houtskip waarmee hy moes reis, was sonder 'n kompas en roer. In die nag uitgelewer aan die wind en die golwe. September tot November was 'n gevaarlike tyd op see. Handeling 27 vertel hoe hierdie skip, met 276 bemanningslede, in 'n vreeslike storm beland het.

In daardie stormnag het 'n engel aan Paulus verskyn en hom getroos en bemoedig: “Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is” (Hand 27:24). God het sy woord gestandgedoen. Die skip het vergaan. Maar nie die bemanning nie. Almal het die land veilig bereik.

God het ons nie 'n stormlose vaart belowe nie, maar 'n veilige aankoms. Hy wat in beheer is van die wind, die water en die weer, is ook in beheer van ons stormgeteisterde lewenskippie. – Kobus Smit Photography | www.ks-pictures.co.za

Twee leraars in gesprek

'Nie in my leeftyd, dogtertjie'

Toe Kerkbode vir ds Jampie Nel uitnooi om 'n stuk te skryf, maak sy 'n sterker teenaanbod: Sy voer sommer self 'n onderhoud met nog 'n leraar en werk daarby haar eie storie in. Hier volg haar gesprek met ds Maartje van der Westhuizen.

Jampie Nel (JN): *Vertel kortliks hoe het jou pad geloop in die bediening en wanneer het jy besluit om teologie te studeer?*

Maartje van der Westhuizen (MV): In my graad 11-jaar het twee goed vir my baie duidelik geword. Eerstens, dat ek 'n mense-mens is en tweedens dat ek baie lief is vir die Here. Alhoewel niemand in my familie 'n predikant is nie, het my betrokkenheid by die kerk en VSCV my laat besef dat ek uitgeknipt is vir die werk van 'n predikant.

Ek het in 2008 klaargemaak met my gemeentejaar by NG Kerk Aasvoëlkop en is in Maart van 2009 beroep na NG Kerk Kameeldrif. In 2014 is ek beroep na NG Elarduspark vir gesinsbediening en werk tans daar.

Vanaf my tweede jaar het ek ook beleef dat God my roep om in die breër NG Kerk betrokke te wees en ek geniet dit steeds om op verskillende taakspanne te dien.

JN: Ek dink aan my verhaal as iemand wat met 'n roeping gebore is en die genade van die Here regdeur my lewe beleef. Ek was in graad 8 op 'n ACSV-kamp toe ek die roeping ontvang het en toe ek dit met my ouers deel, vertel hulle

vir my dat ek voor my geboorte reeds aan die Here gewy is. Dit was vir hulle 'n bevestiging van die Here se belofte. Kort daarna het 'n baie bekende professor van Stellenbosch by die gemeente waar my pa predikant was, 'n reeks kom doen. Ek het natuurlik baie opgewonde met hom gedeel dat ek geroep is om teologie te studeer. Hy het lank stilgebly en toe geantwoord: "Nie in my leeftyd nie, dogtertjie." So was daar deur die jare soms mense met dieselfde weerstand as hierdie professor en ek het altyd twee sake voor oë probeer hou: 1) Die Here het my geroep, en 2) Wees sag met mense wat van jou verskil.

Tydens die BA-jare was ek die enigste meisie saam met 54 manne en het werklik gevoel hoe hulle my as hulle sussie behandel. Hulle (en enkele dosente) het my verwelkom in 'n harde, onwelkome kerk. Die "vrou in die amp van leraar"-besluit het aan die einde van ons 5de jaar gekom (ek het steeds die telegram wat my pa vir my gestuur het) en ek was dus deel van die eerste groep vroue wat by Stellenbosch gelegitimeer is in 1991.

Ek en Marius (Nel, dosent aan die US en Kerkbode-medewerker) is in 1990 getroud en het na ons legitimasie

aangebly op Stellenbosch vir verdere studies. In 1993 was ons saam in 'n proponentespos in Uitenhage Moeder gemeente, die gemeente waar ek byna die helfte van my kinderjare was. Ons het spesifiek vir die gemeente gevra of ons dit saam kon doen, want ons het besef dat mense gewoon moes raak aan 'n vrou op die kansel. Dit was heerlik om deel te kon wees van 'n bediening tussen mense vir wie ek baie goed geken het en baie lief voor was. Hulle het my as hulle s'n aanvaar en opgepas.

Marius is in 1994 Doornpoort toe beroep, maar voordat hy die beroep aanvaar het, wou hy eers seker maak of daar vir my sou ruimte wees om deel van die bediening te wees. Doornpoort het my, saam met hom, met oop arms ontvang. Hulle het egter nie oor die fondse beskik om my te beroep nie. Ek het vir twee jaar as proponent – grootliks verniet – gewerk voordat die sinode toestemming verleen het dat ek georden kon word sonder dat ek onmiddellik aan die pensioenfonds gaan behoort.

Alhoewel ek van die eerste vroue is wat georden is en vir baie lank die enigste vrou op rings- of sinodale vergaderings, het ek bitter selde die ervaring gehad dat ek nie welkom is nie. Die enkele kere wat daar insidente was, het my geliefde kollegas (ring en sinodaal), dit met groot liefde hanteer. In die gemeente het ons as kollegaspan gewoon die gemeente in drie blokke verdeel en al drie van ons het alles gedoen met betrekking tot die bediening. Dit het die gemeente en vir my gehelp om te leer

dat die vrouedomee 'n dominee is en nie net geskik is vir sekere take nie.

In 2011, toe Marius na die Fakulteit Teologie by US beroep is, het ek deur die hand van die Here, die beroep na Oostersee ontvang. Genade op genade.

JN: *Wat is die dinge of wie is die mense wat jou op jou pad bygestaan het?*

MV: Toe ek begin teologie studeer het, was die idee van die vrou in die amp darem nie meer so vreemd soos in die begin nie. Ek sou nie sê dat elke gemeente of lidmaat op daardie stadium daarvoor sou kans gesien het om 'n vrou te beroep nie, maar in Pretoria veral was daar al 'n paar vrouedomeines.

In my gemeentejaar, sowel as in albei gemeentes waar ek bevestig is het ek altyd kollegas gehad wat my opgebou en ondersteun het. Ek kon myself wees en selfs toe ek my twee kinders gehad het, was hulle ondersteuning ontsettend baie. My kollegas, ook in die breër kerk, het my nog altyd ondersteun om meer aan te pak en om groot te droom.

Ek is getroud met Zander van der Westhuizen, wat ook 'n predikant is, en dit het vir seker gemaak dat ek voel iemand verstaan my leefwêreld en 'n mens kan altyd saam perspektief kry oor dinge in die kerk wat jou vies maak en pla.

Ek was ook bevoorreg om 'n paar vrouedomeines, wat voor my klaargemaak het, te kon bevriend. Hulle het my geleer dat 'n mens nie moet vaskyk in geslag nie en dat as jy jou werk doen en



Ds Maartje van der Westhuizen



Ds Jampie Nel

jouself is, sal dit OK wees. My ervaring was dat baie van die kritiek wat ek soms gekry het, meer oor my ouderdom was as oor my geslag. Ek kan egter nie praat vir ander vrouedominees nie.

JN: My ouers se liefde en swaarkry ter wille van my, sal ek my lewe lank koester. My lewensmaat en geesgenoot, Marius, het my gehelp om myself te vind en hy bly steeds my klankbord, wysheer en plek van afpak. Sy sin vir humor is dikwels my grootste bron van ontspanning. Dan is daar altyd op elke plek geesgenote, kollegas, 'n vriendin en lieflike mense wat saam met my op reis is. Ek is oneindig dankbaar vir die mense in my lewe. Ek is dankbaar teenoor die kerk saam met wie ek op reis is en saam met wie ek kan groei.

JN: *Hoe het die teenwoordigheid van vroue (nie net dominees nie) in kerklike vergaderings bygedra tot 'n nuwe kultuur van inklusiwiteit, diversiteit en 'n viering van die liggaam van Christus? (Hier kan 'n mens iets oor die bydrae noem, maar ook dalk byvoeg dat ons nog nie heeltemal verteenwoordigend is nie.)*

MV: Ek dink dat die teenwoordigheid van vroue in die kerkvergaderings 'n ongelooflike positiewe bydrae het. Alhoewel vroue, net soos mans, ontsettend

baie verskil en nie oor dieselfde boeg gegooi kan word nie, bring vroue tog 'n ander hoek na die tafel toe. Die feit dat ek 'n ma is, het gemaak dat ek byvoorbeeld 'n klomp ander dinge op die tafel kon sit oor die gesinsbediening, dinge wat 'n manlike kollega dalk nie aan sou dink nie.

Baie ringe praat tot vandag toe nog van 'n "broederkring", dit is baie eksklusiewe taal. As 'n vrou in die vergadering sit, raak dit later baie ongemaklik om van 'n broederkring te praat en so word 'n groep dalk aangemoedig om die naam te verander. Dit kan dalk weer lei tot verdere insluiting en luister na ander stemme.

JN: Diversiteit is 'n geskenk van die Here aan sy kerk, of dit nou met geslagte, met generasies, met seksuele oriëntasie, of selfs taal en kultuur te make het. Vroue is maar een aspek daarvan. Ek is onlangs aangespreek as "broer voorsitter" – dan bid ek telkens vir die gracie om ander saam met my te neem, eerder as 'n gekrenkte ego te hê wat wil aanval. Op ons reis leer ons elke dag om nuwe taal en nuwe gewoontes aan te leer. Dit is soms bitter moeilik, maar ons kan terug kyk en met groot dank sien hoeveel mylpale reeds bereik is. Aan God die eer.

JN: *Wat is jou droom vir die kerk?*

MV: My droom is dat die kerk al hoe meer sy potensiaal sal ontdek. Ons sien dit nou in die tyd van Covid-19 en ook met ander rampe soos die droogte, dat wanneer gemeentes hande vat kom daar regtig verandering.

My droom is dat ons mekaar sal versterk en bemoedig om in Jesus se voetspore te loop. Ek glo regtig dat die kerk Jesus se hande en voete is, tog val ons so maklik vas in sinlose debatte wat ons weg hou van ware kerkwees.

Om Jesus te volg is die beste manier om te leef. Jesus het nie vasgehou aan sy eie ego nie. Nee, Hy het soos Filippense 2 sê Homself verneder tot die dood aan die kruis. Hy het mag weggegee, Hy het grense oorkruis, Hy het verskillende mense omarm en na ander se stories geluister. My droom is dat ons dit in die kerk onder mekaar moet oefen, sodat ons dit oor ons eie grense kan uitleef.

My droom is ook dat ons nie bang sal wees om diversiteit te omhels nie. Om ander te omhels, verryk jy ook jou eie menswees.

JN: *Watter snaakse dinge het jy al in die bediening beleef wat jy eendag vir jou kleinkinders wil vertel?*

MV: Ek het een Sondag vir 'n gesin buite die gemeente gewag, ek wou hulle

ontmoet voor ek hulle baba doop. Ons is 'n makro-gemeente en ek was nog nuut, so hulle het my nog nie geken nie. Toe ek hulle buite kry, vra hulle of ek die doopkoördineerder is.

JN: Ek doen een oggend in die Kaapse stormweer huisbesoek en die tannie vra vir my: "Wat maak jy hier in hierdie weer, my hartjie?" Ek sê vir haar: "Ek is die dominee, Tannie, en ek doen my werk." Sy antwoord: "O, ek weet jy is die dominee, maar watsse werk doen jy?"

Ek moes in 1998 vir 'n operasie gaan en toe ek by die hospitaal opdaag, het hulle my in 'n mansaal ingeboek – hulle het gereageer op my titel en nie verder gelees nie. Gelukkig kon die hospitaal dit regstel.

In Doornpoort het ek gereeld gehoor: "Jampie, sê groete vir die dominee." Dit was vir my 'n kosbare bevestiging dat hulle met my 'n verhouding het en dat 'n titel ons nie skei nie.

► *Ds Jampie Nel is predikant by NG Oostersee in die noordelike voorstede van Kaapstad. Sy is drie en twintig jaar reeds 'n predikant, maar werk al as predikant vir 29 jaar.*

► *Ds Maartje van der Westhuizen is predikant by NG Elarduspark in Pretoria en reeds twaalf jaar 'n predikant.*

Leierskap: Die Josefskleed van vele kleure

JURIE VERMEULEN

Waarom is die tema van leierskap altyd 'n relevante, fascinerende onderwerp? Missien is dit omdat daar dikwels 'n hardnekkige vaagheid aan vasklou. Sommige meen dat leierskap soos skoonheid is – maklik om raak te sien, maar moeilik om te beskryf! Hierdie vaagheid talm, ten spyte van die feit dat daar waarskynlik honderde kilometers boekrakke propvol leierskapboeke van alle tipes en tale regoor die wêreld staan.

Een rede vir die vaagheid rondom die presiese aard van leierskap hang saam met die feit dat dit 'n baie komplekse sisteem is. 'n Interafhanklike netwerk van sosiale, persoonlike, besigheds-, finansiële, kulturele en godsdienstige elemente vorm deel van hierdie sisteem, wat 'n disoriënterende, kaleidoskopiese effek op leierskap uitoefen. Vandaar ons Josefskleed-metafoer. Christelike leierskap is dikwels nóg meer ondeursigtig omdat daar sover min werklik eksegetiese navorsing gedoen is, en ook omdat die tema so wyd verspreid lê deur die 1 500 bladsye van ons Bybel.

'n Tweede rede waarom leierskap

ons fassineer, is die grondliggende belangrikheid daarvan. Die gehalte van leierskap in enige situasie is gewoonlik die deurslaggewende faktor wat die uitkoms bepaal. Dit is waar van individue, gesinne, kerke en multimiljardrand korporasies. Dekade na dekade kom behoeftebepalings in organisasies, klein en groot, sekulêr of godsdienstig, tot dieselfde gevolgtrekking – effektiewe leierskap bly eenvoudig ons dringendste behoefte en grootste worsteling. Ons grootste uitdaging is gewoonlik nie werklik 'n tekort aan hulpbronne nie, dit is 'n gebrek aan onderneming en innovering, kragte wat gewoonlik deur effektiewe leierskap vrygestel word in organisasies. Onder normale omstandighede is hulpbronne gewoonlik bloot die byproduk van hoë kwaliteit leierskap en effektiewe organisasies. Jesus het 2 000 jaar gelede ook op die deurslaggewende belangrikheid van leierskap gewys waar Hy in Matteus 15:14 sê: "Laat staan hulle maar; hulle is blinde leiers van blindes. As 'n blinde 'n blinde lei, val altwee in die sloot."

Om verder uit te brei op ons probleemstelling vra ons die vraag: Waar-

om is daar so 'n tekort aan uitstekende leiers in die wêreld? Dit is 'n vraag wat dr Chamorro-Premuzic, 'n sielkundige navorser wat op leierskapsontwikkeling fokus, probeer antwoord. Die eerste voor-die-hand-liggende rede is die reeds vermelde talmende vaagheid rondom die onderwerp. Hy het egter op die volgende bykomende redes afgekom: (1) Mense kies dikwels leiers op grond van hulle selfvertroue, in plaas van hulle histories-bewese vaardighede; (2) op grond van hulle charismatiese persoonlikhede, in plaas van dienswilligheid, en laastens, (3) op grond van hulle kommunikasievaardighede in plaas van eienskappe soos integriteit en menseverhoudings.

Voordat ons almal met 'n moedlose sug ophou lees, moet ek beklemtoon dat leierskap nie 'n tot-vaagheids-gedoemde onderwerp, vir-ewig-verlore saak is nie! Inteendeel, die positiewe wesenwaard van leierskap, en veral van Christelike leierskap, word duidelik genoeg deur veral die apostel Paulus blootgelê in sy briewe aan splinternuwe gemeentes. So duidelik, dat daar 'n prakties-werkbare leierskapmodel of -raamwerk, bestaande uit vyf een-



voudige, dog transformerende beginsels in sy briewe lê en wag om raakgesien te word. Hierdie lewegewende beginsels dra die Waarheid-saad van die Gees in hulle binneste wat vrymakende transformasie bring oral waar dit gekoester en uitgeleef word. In 'n volgende artikel in hierdie reeks sal ons kyk na wat presies leierskap in die algemeen, en Christelike leierskap in die besonder is. Ons sal ook die vyf Pauliniese leierskapbeginsels afstof en besin oor hulle betekenis en implikasies vir ons as Christelike leiers.

► *Dr Jurie Vermeulen is Nasionale Direkteur van FEBA Radio SA, 'n internasionale Christelike media-organisasie wat die evangelie wêreldwyd in meer as vyftig minsbereikte lande verkondig. Besoek www.febaradio.co.za*

VERSTAAN die Bybel

Die nood van ander (en die eise op ons)

MARIUS NEL

Die Matteusevangelie vertel telkens van Jesus en sy dissipels se reaksie op die nood van die wêreld. Dit vertel egter nie net van hoe Jesus die skare innig jammer gekry (14:14; 15:32) en hulle gehelp het nie. Dit vermeld ook Jesus se herhaalde behoefte om vir 'n wyle weg te kom van die skares van behoeftiges asook dat sy dissipels hulle dikwels wou wegstuur.

So sonder Jesus Homself af op 'n verlate plek nadat Hy van Johannes die Doper se dood verneem het (14:13-21), maar volg 'n skare Hom sodat Hy hulle siekes kan genees. Wanneer dit aand word op

die afgeleë plek, en sy dissipels besef die skare moet kos kry, is hulle voorstel dat Jesus hulle moet wegstuur. Jesus antwoord egter dat hulle die skare moet kos gee.

Nadat Jesus na Gennesaret gereis het, stroom siekes weer na Hom terwyl sy konflik met die leiers uit Jerusalem eskaleer. Daarom onttrek Jesus Homself na die aangrensende heidense gebiede (15:21-28) om vir 'n wyle weg te kom van die eise van sy bediening in Galilea. Hier word Hy egter om hulp geroep deur 'n Kanaänitiese vrou. Volgens Matteus het Jesus haar geïgnoreer en was sy dissipels se versoek dat Hy haar weg-

stuur want haar geskree pla hulle (15:23). Jesus vertel haar vervolgens van sy fokus op Israel en sy vertel Hom van haar dogter. Uiteindelik loof Jesus haar vir haar geloof en genees Hy haar dogter.

In die daaropvolgende gedeelte is die skare behoeftiges terug en vir drie dae genees en versorg Jesus hulle terwyl Hy worstel met die vraag of Hy hulle nie moet wegstuur nie (15:32).

Matteus se vertelling van die bediening van Jesus is eerlik oor die geweldige eise wat die aanspreek van die nood van ander meebring. Dat dit dikwels lyk asof die enigste opsie is om hulle weg te

stuur, want hulle nood is net te oorweldigend. Matteus dui ook daarop dat dit nodig is om jouself vir tye af te sonder ten einde nuwe krag te ontvang.

En tog is afsondering en wegwys volgens Matteus uiteindelik nie die roeping van die volgelinge van Jesus nie. As sagmoediges, barmhartiges, treurendes, hongeres-vir-geregtigheid en vredemakers word hulle eerder uitgestuur om 'n verskil in die wêreld te maak. Vir Jesus is hulle die geseëdes wat God se koninkryk sal ontvang (5:3-10).

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

'Verskroeiende aarde' daag kerk uit

JOHAN VAN DER MERWE

In die geskiedenis van Suid-Afrika is die begrip *verskroeiende aarde* nie onbekend nie. Tydens die tweede Suid-Afrikaanse oorlog van 1899-1902 het die optrede van die Britse magte onder leiding van Milner en Kitchener, waarin plase afgebrand is en mense se manier van lewe verwoes is, bekend geword as 'n beleid van *verskroeiende aarde*. In sy toespraak voor die Algemene Sinode in Oktober 1994 het oudpresident Nelson Mandela die term weer opgehaal toe hy na apartheid verwys het as 'n beleid van *verskroeiende aarde*. Wat op die oomblik onder leiding van die ANC-regering in Suid-Afrika aan die gebeur is, is niks anders as 'n nuwe vorm van *verskroeiende aarde* nie.

Alhoewel geen regdenkende mens

die gevaar van Covid-19 of die erns van die pandemie sal ontken nie, lei drakoniëse en onlogiese reëls en regulasies van die regering tot grootskaalse armoede en hongersnood. Terwyl besighede toemaak, nywerhede in duie stort en miljoene mense hulle werk verloor en in armoede gedompel word, vergryp die staat hom aan die persoonlike regte van mense. Besoeke aan familie en vriende word verbied omdat die staat nie kan "beheer wat in huise gebeur nie". Terwyl jy nie mag kuier saam met lewendes nie, mag jy darem begrafnisse van dooies bywoon. Dit is niks anders as 'n beleid van *verskroeiende aarde* wat nie net op ekonomiese gebied nie, maar ook op sosiale gebied manifesteer. Dit raak die NG Kerk direk om-

dat die lewe van lidmate verwoes word.

Die beleid van *verskroeiende aarde* is egter ook in die NG Kerk op godsdienstige vlak sigbaar. Alhoewel die staat aan kerke die "groot guns" bewys het deur toestemming te verleen dat byeenkomste, beperk tot 50 mense, wel mag plaasvind, word die hoeveelheid mense wat in casinos toegelaat word bepaal deur die oppervlak van die gebou. Boonop word duisende kinders op skoolterreine en in klaskamers toegelaat. Dit is 'n vergrype aan die wese van kerk-wees soos dit nog nooit in die geskiedenis plaasgevind het nie. Dr Braam Hanekom vat dit raak deur na die kerk te verwys as 'n vier-silinder-enjin wat tans net op twee silinders loop. Terwyl tegnologie dit vir gemeentes moontlik maak om voort te

gaan met Woordverkondiging (kerugma) en daar met groot oorgawe gesorg word vir die noodlydendes (diakonia) het aanbidding (leitourgia) en saamwees (koinonia) skouspelagtig in vlamme opgegaan. Net so min as wat 'n vier-silinder-enjin net op twee silinders kan bly funksioneer, net so min gaan die kerk dit regkry. Gemeentes gaan nie op You Tube oorleef nie.

Die groot vraag is hoe lank die NG Kerk en ander kerke die beleid van *verskroeiende aarde* gedweë gaan aanvaar. Miskien is dit nodig dat kerke in Suid-Afrika hulle stem dikmaak en standpunt inneem voordat dit te laat is.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Laatmiddag, op die koudste dag van die winter, stap ek na die agterste deel van ons erf om 'n paar stukke hout te gaan kloof vir 'n kaggelvuur. In die oomblikke toe ek op die Wendy-huis se stoepie staan om die byl te kry, hoor ek 'n stem van die sy-paadjie af. Iemand roep na my: "Asseblief Morena, die koue maak my dood. Kan jy my nie help met geld om terug te gaan na Hammanskraal, na my huis toe nie?" Ek loer oor die tuinmuur en sien sy grys hare bo die masker. "Ek het net R20 in my beursie," sê ek. "Enige bietjie sal help," sê hy.

Ek soek rond vir genoeg geld om die ou man te help, bietjie geïrriteerd oor

God skep geleenthede

hoe lank dit vat terwyl die son vinnig sak en die hout nog gekap moet word. Maar, na ek uiteindelik geld uit my seun se beursie kon leen, dink ek hieroor. Dit is eenvoudig nie reg dat 'n ou man in die strate loop en hoop dat iemand hom sal help met 'n bietjie geld om by sy huis te kom nie. Sy oordadige dankies en sy groet "God sal jou seën" laat my nogal ongemaklik voel.

'n Klomp dinge oor 'n gestuurde lewe word in daardie klein gebeure vir my duidelik. Jy kan nie vir almal sorg nie, maar sorg vir diegene wat die Here oor jou pad bring. Marinda van Niekerk van PEN en Winterhoop, het dit mooi gesê: Sorg vir mense wat jy sien, in jou

onmiddellike omgewing, op die hoek van jou straat, in jou wêreld.

Ons moenie onderskat hoe die Here gebeurde laat saamval nie. Net vóór ek geloop het om te gaan hout kap, het ek die Nid-Cram verslag oor honger in die tyd van Covid-19 gelees. Ek is attent gemaak op die omvang van die nood. En op die oomblik toe my kop bo die tuinmuur uitsteek, loop iemand in nood verby. Dit is nie toeval nie, skrywers oor spiritualiteit noem dit sinchronisiteit, die manier hoe God oënskynlik gebeurde laat saamval en juis daarin op die toneel verskyn.

God skep vir ons geleenthede om sy gestuurdes te wees. Ons moet toelaat

dat die Gees ons hart aanraak en ons oë daarvoor oopmaak. Ons hart moet aangeraak word, anders beleef 'n mens dit as 'n las. Onthou wat Rassie Erasmus na die Wêreldbeker-oorwinning gesê het: "Om hoop te gee, is 'n voorreg". God skep geleenthede waar ons sy liefde en hoop in die wêreld kan indra.

Dit is goed om oor sistemiese probleme te dink en oplossings daarvoor te soek. Ons kan nie onreg in die samelewing ignoreer nie. Maar dit is ook goed om op klein plaaslike vlak in die lewe van een mens 'n verskil te maak.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.



DIE BYBEL 2020-VERTALING SE 40-DAE-VELDTOG

God se asem tussen bladsye *'n 40-dae-avontuur deur die Woord van God*

Reis vanaf 26 Julie tot 30 Augustus 2020 saam met ander gemeentes en kerke tydens hierdie 40-dae-avontuur en ervaar en geniet God se lewende asem in sy Woord.

Die 40-dae-saamreispakket bevat:

- ➔ 6 weke se gratis preke oor die wonder van God se asem in sy Woord
- ➔ 'n 6 weke lange Bybelavontuur vir gesinne en kleingroepe
- ➔ 'n Leiersgids met riglyne vir byeenkomste
- ➔ 'n DVD as inleiding tot die avontuur waartydens ons die asem van God in die Bybel gaan ontdek
- ➔ 'n Daaglikse Bybelleesprogram vir gesinne
- ➔ Riglyne oor hoe om 'n veldtogspan vir die 40-dae-avontuur saam te stel.

Klik hier vir 'n GRATIS temalied

<https://bit.ly/3dli3F8>

Vir die bekendstellingsvideo, klik hier

<https://bit.ly/3fPtKM5>

Bestel by

<http://ngwitrivier.colourtech.co.za/>

IN MEMORIAM

Hierdie is verkorte weergawes van doodsberigte wat in die 2020-Jaarboek gepubliseer is. Om die Jaarboek te bestel teen R340, stuur 'n e-pos na bestel@bmedia.co.za of besoek ons e-winkel by www.bybelmedia.co.za

**DS CASSIE VAN DEN BERG (BA, BTh) 4 April 1953 – 16 Oktober 2019**

Christoffel Francois van der Berg is op 4 April 1935 in Bloemfontein gebore.

Hy begin sy skoolloopbaan in 1960 op Petrusburg en matriculeer in 1971 aan die Hoërskool ACJ Jooste te Petrusburg. Cassie was onderhoofseun van die skool.

Cassie doen in 1972 sy weermagopleiding en studeer daarna aan die UOVS in Bloemfontein, waar hy die BA Admissie-graad in 1975

verwerf. Hier ontmoet hy mej Emie Pretorius.

Hy word einde 1981 as proponent gelegitimeer en behaal ook die meestersgraad in die teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Hy tree af in 2013 op Trompsburg. Op 9 Oktober 2019 het hy geval en is met breinbloeding en skedelbreuk in die hospitaal opgeneem waar hy op 16 Oktober 2019 sterf.

– **Gerdrie van der Merwe**

DR HUGO VAN DER LINDE (BA, BTh, MTh, PhD)

22 Augustus 1961 – 27 Januarie 2019

Hugo Hendrik van der Linde is op 22 Augustus 1961 gebore te Welkom.

Hugo begin sy skoolloopbaan in 1968 aan die Laerskool Rheedepoort in Welkom en is later van 1975 tot 1977 leerling aan die Hoërskool Gimnasium in Welkom. In 1978 word hy leerling aan die Hoërskool Parys, waar hy in 1979 matriculeer.

Op Potchefstroom ontmoet hy sy vrou Charlotte Desiré Visagie, met

wie hy op 14 Julie 1984 getroud is. Uit die huwelik is twee kinders gebore: Charne van der Linde (1987) en Henko van der Linde (1990).

Tydens dr Hugo van der Linde se langverlof, het hy en sy vrou Charlotte beplan om op 'n bootreis te gaan. Op Sondag 27 Januarie 2019 sterf hy skielik in Durban aan 'n hartaanval in die ouderdom van 57 jaar. – **Gerdrie van der Merwe**

DS CHRISTIE VAN LILL (BA, BTh) 13 April 1945 – 13 April 2019

Christiaan Johannes van Lill is op 13 April 1945 gebore te Garies.

Christie begin sy skoolopleiding in 1951 aan die Laerskool Graafwater en word in 1958 leerling van die Hoërskool Graafwater.

Christie voel geroepe om predikant te word en behaal in 1969 die BA-graad aan die Universiteit Stellenbosch.

Hy trou met mej Brenette Groenewald.

Prop CJ van Lill word op 22

Februarie 1975 met handoplegging bevestig in die NG Gemeente Ysterplaat-Suid, waar hy hard werk en diep spore trap. 'n Beroep kom na die NG Gemeente Sonnekus in Milnerton, waar hy op 12 April 1981 ontvang en bevestig word. In hierdie gemeente bedien hy die gemeente 23 jaar lank, totdat hy op 30 April 2005 sy emeritaat aanvaar.

Ds CJ van Lill sterf op 13 April 2019 op sy 74ste verjaarsdag. – **Gerdrie van der Merwe**

DS PC VAN ROOYEN (BA, MA) 5 Desember 1925 – 24 April 2019

Pieter Christiaan van Rooyen is op 5 Desember 1925 gebore te Bethlehem in die Noordoos-Vrystaat. PC begin sy skoolloopbaan in 1933 aan die Laerskool Daniëlsrus en is van 1940 tot 1943 leerling aan die Hoërskool Voortrekker in Bethlehem. Hier matriculeer hy in 1943.

Hy voel geroepe om predikant te word en vertrek in 1944 na die Universiteit Stellenbosch, waar hy die BA-graad verwerf en later ook die

MA-graad. Hy word aan die einde van 1951 as proponent gelegitimeer. Prop PC van Rooyen trou op 4 Oktober 1952 met mej Cecilia Mostert, 'n lewensmaat wat op 19 Augustus 1991 sterf. Uit hulle huwelik is vyf kinders gebore.

Na sy aftrede het ds en mev PC van Rooyen in Villiersdorp bly woon, waar hy nog gewoon het tot met sy afsterwe op 24 April 2019. – **Gerdrie van der Merwe**

Lees die volledige huldeblyke by kerkbode.co.za

Klik op die In Memoriam-skakel.

Om 'n huldeblyk aan 'n afgestorwe naasbestaande te skryf, klik op die skakel soos in die skermgreep hiernaas aangedui.

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG KERK

BEROEP: Ds Jurie Johannes Blom van Bethal na Klawer.

NG GEMEENTE VILLIERS – OVS

Vakature: DRIE JAAR VASTETERMYN

GEMEENTEPROFIEL

- Die NG gemeente Villiers is 'n plattelandse gemeente in die Noordoos-Vrystaat.
- Die gemeente bestaan uit 200 lidmate, waarvan 40 dooplidmate is.
- Die gemeente werk goed saam met die NGKA in Qalabotjha.
- Die erediens vorm die hart van die gemeente se aktiwiteite.
- Die gemeentevisie is: *Bring bymekaar in sy koninkryk wat bymekaar hoort.*

LERAARSPROFIEL EN AMPSPLIGTE

Sien uitgebreide advertensie in KERKNUUS en VRYPOS.

VERGOEDINGSPAKKET

- Die vergoedingspakket is met kandidaat onderhandelbaar, met skaal 5 van die sinodale traktement as maksimum.
- Indien dit tot voordeel van beide partye strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word. Tentmakers kan ook aansoek doen.

AANSOEKE

- Per e-pos met minstens drie resente referente na: ngkvilliers@vodamail.co.za of org@dupdrie.com
- Vir meer inligting skakel Org du Plessis (082 784 0167), TJ Lessing (079 202 1251) en konsulent, ds JT Kemp (072 425 8537).
- Aansoeke sluit op **31 Augustus 2020**.
- Diensaanvaarding 1 Jan 2021, onderhewig aan die inperkingmaatreëls.
- Kandidaat moet beskikbaar wees vir onderhoude en preekbeurt.



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**

Webblad: www.perthunitingchurch.com.au

E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au



**Om te adverteer in Kerkbode,
kontak Hanlie Raath:
Tel: 023 342 6030
Sel: 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za**

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parkering. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

**BLOEMFONTEIN
@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.

Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**Die volgende Kerkbode
verskyn op
14 Augustus 2020.**

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSELBAAI)**

**2 slaapkamerwoonstel
(slaap 4) aan huis.
Volledig toegerus. Baie
netjies. Private tuin,
onderdakbraaigeriewe. Dwars
deur die jaar beskikbaar.
Geen troeteldiere. Skakel
083 651 4517.**


UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietsplek.com

UVONGO: WILI-WERK-NI, OPPI-DRAAI. 2 ten volle toegeruste vakansiehuise. Almal het pragtige see-uitsig. Loopafstand na strand. TV, braaigeriewe. Afstandbeheerde parkering. Skakel Willie of Poppie Brits by 039 317 2076, 082 746 4852.

**Om kleinadvertensies te
plaas, kontak Lida Viljoen:
Tel: 021 864 8202
E-pos: lida@tydskrifte.co.za**

DWARSWEGSTRAND

5 km vanaf Groot-Brakrivier, 25 km van George asook Mosselbaai. Ten volle toegeruste 4 en 3 slaapkamer-huise (sommige met motorafdakke) reg voor op die see, 2-slaapkamerwoonstelle, seefrontwoonstelle (slaap 2) – stapafstand van die see, 34 staanplek woonwapark (drie ster gradeer) met krag-, waterpunte en braaigeriewe, sommige staanplekke reg voor op die see, 24 uur sekuriteit by ingang.



Kontak by 044 879 1010, bespreek aanlyn by
www.dwarswegstrandoord.co.za of stuur 'n e-pos na:
oordbesprekings.dwarswegstrand@axxess.co.za

Spesiale tariewe vir SAOU-lede en pensioenarisse.

**LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS**
Luukse seefront-vakansiewoonstelle.
Slegs 20 km noord van Durban.

- ◆ Volledig toegerus
- ◆ Satelliet-TV
- ◆ Wassery
- ◆ Lugreëling
- ◆ Diens
- ◆ Swembad

SENIOR BURGERS: "Geen trappe van
woonstel na strand"

Besprekings: Tel: 031 561 2344, faks: 031 561 2974

Lagoonrylaan 82, Posbus 554, Umhlanga 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za

Webwerf: <http://www.licorna.co.za>

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729 AM

**Jou Christelike gesels-radlostasie
in die Wes-Kaap**



**Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van
die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.**

Adverteer jou besigheid op radio
kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vir meer inligting:
021 817 7000
www.kaapsekansel.co.za
info@kaapsekansel.co.za



